# INHOUDSOPGAWE

| | BLADSYNOMMER |
|---|---|
| Algemeen | 1 |
| **D E E L 1 - Eiendomsversekering** | |
| Huisinhoud | 5 |
| Allerisiko's | 7 |
| Geboue | 9 |
| Voertuie | 11 |
| Watervaartuie | 14 |
| **D E E L 2 - Aanspreeklikheid- en regshulpversekering** | |
| Persoonlike regsaanspreeklikheid | 16 |
| Voertuigaanspreeklikheid | 18 |
| Watervaartuigaanspreeklikeheid | 21 |
| Uitgebreide persoonlike regsaanspreeklikheid | 23 |
| Legal Access | 25 |
| **D E E L 3 - Familiebeskermingsversekering** | |
| Persoonlike ongevalle | 27 |
| Sterftevoordeelplan | 29 |
| Hospitaalvoordeelplan | 30 |

## ALGEMEEN

Hierdie polis en die bylae is die kontrak tussen ons - Santam Beperk - en u - die versekerde en ander versekerde(s) - wat in die bylae genoem word. Enige aansoek of verklaring wat deur of namens u gemaak word, sal die basis van die polis wees en deel daarvan uitmaak.

Indien die premie wat deur ons verlang word aan ons betaal is, sal ons u skadeloos stel, onderworpe aan die bepalings, uitsonderings en voorwaardes van die polis, teen gebeurtenisse waarvoor u onder die polis gedek is en wat gedurende die berekeningstydperk wat in die bylae vermeld word, plaasvind. Ons sal u skadeloos stel deur betaling of na ons keuse deur vervanging of herstelling van die eiendom, of 'n kombinasie hiervan. Indien ons vervang of herstel, is ons nie verplig om dit presies of volledig te doen nie, maar slegs soos omstandighede dit redelikerwys toelaat. Ons betaal nie meer vir eiendom as die bedrag waarvoor dit gedek is nie.

Algemene dekking, voorwaardes, uitsonderings en woordomskrywings is op die hele polis van toepassing tensy dit spesifiek anders vermeld word.

## Algemene voorwaardes

### 1. Termyn van kontrak

Die termyn van die kontrak is aanvanklik die tydperk vanaf die aanvangsdatum van die polis tot die laaste dag van die kalendermaand waarin die aanvangsdatum voorkom. Daarna is die termyn van die kontrak 'n periode van een kalendermaand.

### 2. Betaling van premies

Die premie is vooruitbetaalbaar en moet op ons aanvraag, deur u betaalagent wat in die bylae aangetoon word, aan ons betaal word. Indien die premie op aanvraag nie aan ons betaal word nie, geniet u steeds dekking vir die termyn van die kontrak waarvoor ons nie 'n premie ontvang het nie. U bly dus hierdie premie aan ons verskuldig. Met die volgende aanvraag sal twee debietorders vir betaling aangebied word, een ten opsigte van die onbetaalde debietorder, asook die een vir die nuwe maand. Indien u so verkies, kan die onbetaalde premie by enige Santamkantoor inbetaal word.

Wanneer twee debietorders aan u betaalagent aangebied word vir betaling en slegs een word betaal, sal hierdie geld aangewend word om die oudste skuld te delg.

Indien u 'n eis sou hê gedurende die termyn van die kontrak waarvoor u debietorder nie betaal is nie, moet u eers die verskuldigde premie betaal voordat u eis hanteer kan word.

Die polis word gekanselleer sodra twee agtereenvolgende termyne van die kontrak se premies nie betaal is nie en sal ons geen verdere aanvraag vir premies by u betalingsagent doen nie.

Indien die polis jaarliks vooruit per een debietorder betaal word en daardie debietorder word onbetaald aan ons teruggestuur, sal u vir een maand verdere dekking geniet. Die debietorder vir die verskuldigde premie word weer in die volgende maand aangebied vir betaling. Indien dit weer nie betaal word nie, word die polis gekanselleer.

Die versekerde en enige ander versekerde(s) is gesamentlik en afsonderlik verantwoordelik vir die betaling van die premie.

### 3. Plig tot versigtigheid

Alle redelike stappe moet deur u gedoen word om die eiendom wat gedek is, te beveilig en in stand te hou, asook om verlies of skade te voorkom of te beperk.

### 4. Beperkings en wysigings

Beperkings van en wysigings aan die poliskontrak mag deur ons gedoen word nadat ons u 30 dae skriftelike kennis daarvan gegee het by u jongsbekende adres.

### 5. Kansellasie

Die polis of enige deel daarvan mag op enige stadium onmiddellik deur u gekanselleer word of deur ons nadat ons u 30 dae skriftelike kennis daarvan gegee het by u jongsbekende adres.

### 6. Regte slegs aan u

- Hierdie polis verleen regte slegs aan u. Enige uitbreiding van ons aanspreeklikheid teenoor 'n ander persoon verleen geen regte aan die persoon om teen ons te eis nie. U moet namens die persoon eis waarna Santam die saak verder namens u sal hanteer.
- U mag nie u regte sedeer nie.

### 7. Eise

- By die plaasvind van 'n gebeurtenis wat kan lei tot 'n eis, moet u ons so spoedig moontlik daarvan in kennis stel, asook van enige ander polis wat dieselfde gebeurtenis dek.
- Binne 30 dae na die gebeurtenis moet u ons voorsien van volle besonderhede van die gebeurtenis tesame met duidelike en volledige besonderhede en dokumentasie wat ons redelikerwys mag verlang.
- Indien u bewus word van enige moontlike vervolging of regstappe of eis teen u moet u ons onmiddellik skriftelik daarvan in kennis stel.
- Enige gebeurtenis waarby diefstal of ander misdaad of verlies betrokke is, moet onmiddellik by die polisie aangemeld word.
- Indien meer as een persoon gedek is, sal ons volgens ons oordeel betaling van 'n eis aan enige van hierdie persone doen. Die betaling onthef ons van enige verdere aanspreeklikheid.
- U mag nie 'n verklaring, erkentenis, aanbod, belofte of betaling maak of skadeloosstelling verleen sonder ons skriftelike toestemming nie. 'n Ander persoon mag dit ook nie namens u doen nie.

### 8. Ons regte na 'n gebeurtenis wat kan lei tot 'n eis

- U moet ons toelaat om die gebou of perseel waar die verlies of skade plaasgevind het, binne te gaan en die beskadigde eiendom wat deur hierdie polis gedek word in besit te neem om op 'n redelike manier mee te handel. U

is nie geregtig om enige eiendom, of dit deur ons in besit geneem is of nie, aan ons prys te gee nie.

- U moet al die inligting verskaf en hulp verleen wat ons redelikerwys van u mag verlang en ons het die reg om die verdediging of skikking van 'n eis oor te neem en dit in u naam te voer.
- Ons het die reg om enige tyd van die beheer van enige verweer, skikking of proses af te sien en die volle bedrag van ons aanspreeklikheid, of enige mindere bedrag waarvoor die eis geskik kan word, aan u te betaal. Ons sal dan van alle verdere aanspreeklikheid onthef wees.

**9. Bedrieglike of opsetlike optrede**

Alle regte op skadeloosstelling onder die polis sal verbeur word, indien:

- 'n eis in enige opsig bedrieglik is of bedrieglike middele deur u of namens u gebruik word om 'n voordeel onder die polis te verkry;
- 'n eis in enige opsig ontstaan weens 'n opsetlike daad wat u gepleeg het of wat oogluikend deur u toegelaat is;
- Inligting in verband met 'n eis nie waar is nie.

**10. Verjaring**

- Indien ons 'n eis afwys, het u 90 dae vanaf daardie datum om skriftelike vertoë aan ons te rig. U het ook 'n verdere 90 dae na hierdie tydperk om 'n regsaksie teen ons in te stel indien u vertoë nie suksesvol is nie. As dit nie gedoen word nie, is ons nie verder aanspreeklik ten opsigte van die eis nie.
- Ons is nie aanspreeklik om 'n eis te betaal na twaalf maande verloop het sedert die gebeurtenis wat tot die eis gelei het, plaasgevind het nie, behalwe as die eis die onderwerp van 'n hangende hofgeding tussen u en ons is of die onderwerp van arbitrasie is of 'n eis is vir bedrae waarvoor u regsaanspreeklik mag word.

**11. Ander versekering**

Indien 'n eis wat onder hierdie polis betaalbaar is ook deur enige ander polis betaalbaar is, sal ons slegs ons eweredige deel van die eis betaal.

**12. Regte en middele (subrogasie)**

U moet op ons onkoste, alle sodanige dinge doen en toelaat dat dit gedoen word as wat nodig mag wees of redelikerwys deur ons vereis kan word om enige regte af te dwing waarop ons by skadeloosstelling aan u gesubrogeer sal wees of sou word, afgesien daarvan of die dinge voor of na die skadeloosstelling vereis word.

**13. Nietigverklaring van die polis**

Die polis of enige deel daarvan kan deur ons nietig verklaar word as enige besonderhede wat die risiko beïnvloed, deur u of namens u verswyg word, verkeerd of gebrekkig beskryf of voorgestel word, of ons nie deur u of namens u in kennis gestel is van 'n verandering in die risiko nie.

**14. Aanpassing met inflasie**

Die versekerde bedrae vir huisinhoud en geboue sal jaarliks aangepas word om redelik met inflasie tred te hou. Dit is egter steeds u verantwoordelikheid om toe te sien dat die eiendom vir die volle vervangingswaarde verseker is.

**15. Herstelling van versekerde bedrae**

Die versekerde bedrae van die polis word nie met die bedrag van enige eis verminder nie.

**16. Bybetaling**

Op sommige polisafdelings is u ten opsigte van 'n gebeurtenis wat lei tot 'n eis, aanspreeklik vir die eerste gedeelte ("bybetaling") van enige bedrag wat deur ons betaalbaar is. Die toepaslike bybetaling word in die bylae uiteengesit.

Indien 'n gebeurtenis plaasvind waarop daar meer as een bybetaling van toepassing is, sal slegs die hoogste bybetaling op die gebeurtenis van toepassing wees.

**17. Regsgebied**

Hierdie polis is onderworpe aan die regsbevoegdheid van die howe van die Republiek van Suid-Afrika en Namibië. Ons is nie aanspreeklik vir enige regskoste en -uitgawes wat nie in die Republiek van Suid-Afrika of Namibië aangegaan is nie.

Alle regte op skadeloosstelling onder hierdie polis word verbeur vir 'n gebeurtenis of eis indien die bepalings van algemene voorwaarde 3, 6, 7, 8 en 12 nie ten opsigte van die gebeurtenis of eis nagekom is deur u of 'n persoon wat namens u handel of optree nie.

## Algemene uitsonderings

1. Ons is nie aanspreeklik vir 'n eis weens die volgende nie:
   - 1.1 nasionalisasie, beslaglegging, rekwisisie of opsetlike vernietiging of beskadiging deur enige wettig ingestelde owerheid;
   - 1.2 gevolglike of onregstreekse verlies;
   - 1.3 aanspreeklikheid wat u of 'n medeversekerde deur ooreenkoms aanvaar tensy u of 'n medeversekerde aanspreeklik sou wees indien die ooreenkoms nie bestaan het nie;

2. A. Hierdie polis dek nie verlies van of skade aan eiendom wat betrekking het op of veroorsaak is deur die volgende nie:
   1. burgerlike beroering, arbeidsonluste, oproer, staking, uitsluiting of openbare onrus of enige daad of handeling wat daarop bereken of gerig is om enige van die voormelde te veroorsaak;
   2. oorlog, inval, die optrede van 'n buitelandse vyand, vyandelikhede of krygsverrigtinge (hetsy oorlog verklaar is al dan nie) of burgeroorlog;
   3. - muitery, militêre opstand, militêre of geüsurpeerde gesag, krygswet of 'n staat van beleg of enige ander gebeurtenis of oorsaak wat die afkondiging of handhawing van krygswet of 'n staat van beleg bepaal;
      - opstand, rebellie of revolusie;

4. enige optrede (ongeag of dit ten behoewe van enige organisasie, liggaam, persoon of groep persone is) wat daarop bereken of gerig is om enige staat of regering of enige provinsiale, plaaslike of stamowerheid met dwang of deur vrees, terrorisme of geweld te beïnvloed of omver te werp;
5. enige optrede wat daarop bereken of gerig is om verlies of skade te veroorsaak ten einde enige politieke doel, oogmerk of saak te bevorder, of om maatskaplike of ekonomiese verandering teweeg te bring of uit protes teen enige staat of regering of enige provinsiale, plaaslike of stamowerheid, of met die doel om vrees by die publiek of enige deel daarvan in te boesem;
6. enige poging tot optrede waarna in klousule 4 of 5 hierbo verwys word;
7. die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl op ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in klousule A 1, 2, 3, 4, 5 of 6 hierbo verwys word.

Indien ons beweer dat verlies of skade uit hoofde van klousule A 1, 2, 3, 4, 5, 6 of 7 van hierdie uitsondering nie deur hierdie polis gedek word nie, rus die las op u om die teendeel te bewys.

B. Hierdie polis dek nie verlies of skade nie wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van enige gebeurtenis waarvoor 'n fonds gestig is ingevolge die Wet op Oorlogskadeversekering en -vergoeding 1976 (Nr. 85 van 1976) of enige soortgelyke wet wat van krag is in enige van die gebiede waarop hierdie polis van toepassing is.

C. Nieteenstaande enige bepaling van hierdie polis, met inbegrip van enige uitsluiting, uitsondering of uitbreiding of ander bepaling wat nie hierin vervat word nie en wat andersins 'n algemene uitsondering ter syde sou stel, dek hierdie polis nie verlies van of skade aan eiendom of enige uitgawe van enige aard hoegenaamd wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur, ontstaan uit of in verband met enige daad van terrorisme, ongeag enige ander oorsaak of voorval wat tergelykertyd of in enige volgorde bydra tot die verlies, skade of uitgawe.
Vir die doeleinde van hierdie Algemene uitsondering 2 C sluit 'n daad van terrorisme in, sonder beperking, die gebruik van geweld of krag of dreigement daartoe, hetsy as 'n daad wat skadelik vir menslike lewe is al dan nie, deur enige persoon of groep persone, hetsy daar alleen opgetree word of in verband met enige organisasie of regering of enige ander persoon of groep persone, wat gepleeg word vir politieke, godsdienstige, persoonlike of ideologiese redes of doeleindes, met inbegrip van enige daad wat gepleeg word met die bedoeling om enige regering te beïnvloed of om vrees by die publiek, of enige sektor van die publiek, in te boesem.

Indien ons beweer dat verlies of skade uit hoofde van klousule 2 C van hierdie uitsondering nie deur hierdie polis gedek word nie, rus die las op u om die teendeel te bewys;

3. Behalwe wat die afdeling Persoonlike Ongevalle betref,
   1. dek hierdie polis nie die volgende nie:
      - verlies of vernietiging van of skade aan enige eiendom hoegenaamd of enige verlies of uitgawe hoegenaamd wat voortspruit of ontstaan daaruit of enige gevolglike verlies;
      - enige regsaanspreeklikheid van watter aard ook al;

      wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word of waartoe bygedra word deur of wat voortspruit uit ioniserende uitstralings of kontaminasie deur radioaktiwiteit wat afkomstig is van enige kernbrandstof of van enige kernafval weens die verbranding van kernbrandstof.
      Slegs vir die doeleindes van hierdie uitsondering sluit verbranding enige selfonderhoudende kernsplytingsproses in.
   2. is die skadeloosstelling wat hierdie polis verleen, nie van toepassing op en sluit nie enige verlies, vernietiging, skade of regsaanspreeklikheid in nie wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak word deur of waartoe bygedra word deur of wat ontstaan uit kernwapenmateriaal;

4. Algemene uitsondering (van toepassing op persoonlike rekenaars, skootrekenaars en die inhoud van vrieskaste en die vrieskompartemente van yskaste)

Hierdie polis dek nie:

1. verlies of vernietiging van of skade aan enige eiendom hoegenaamd (insluitende 'n rekenaar) of enige verlies of uitgawe hoegenaamd voortspruitend uit of as gevolg daarvan;
2. enige regsaanspreeklikheid hoegenaamd;
3. enige gevolglike verlies;

regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur of waartoe bygedra word deur of wat bestaan of voortspruit uit die onvermoë of onklaarraking van enige rekenaar, hetsy korrek of enigsins:

i) om enige datum as die korrekte of ware kalenderdatum te behandel of om op korrekte of toepaslike wyse enige data of inligting te herken, te manipuleer, te interpreteer, te verwerk, te berg of te ontvang of om daarop te reageer, of om enige

opdrag of instruksie uit te voer, met betrekking tot of in verband met enige sodanige datum nie, of

ii) om enige data vas te lê, te behou of op korrekte wyse te verwerk as gevolg van die uitvoer van enige opdrag wat in enige rekenaar geprogrammeer is, synde 'n opdrag wat die verlies van data of die onvermoë om sodanige data op of na enige datum vas te vang, te bewaar, te behou of op korrekte wyse te verwerk veroorsaak nie, of

iii) om enige inligting of kode vas te lê, te behou of te verwerk vanweë programfoute, foutiewe invoer of die onopsetlike kansellasie of bederwing van data en/of programme nie, of

iv) om enige data vas te lê, te behou of te verwerk as gevolg van die handeling van enige rekenaarvirus of ander bederwende, skadelike of andersins ongemagtigde kode of instruksie met inbegrip van enige Trojaanse perd, tyd- of logiese bom of wurm of enige ander vernietigende of ontwrigtende kode, media of program of versteuring.

'n Rekenaar sluit in enige rekenaar, dataverwerkingstoerusting, mikroskyfie, geïntegreerde stroombaan of soortgelyke toestel in rekenaar- of nie-rekenaartoerusting of enige rekenaarsagteware, -gereedskap, -bedryfstelsel of enige rekenaarhardeware of periferale toerusting en die inligting en data wat elektronies of andersins in of op enige van bogenoemde bewaar word, hetsy u eiendom al dan nie.

**Spesiale uitbreiding tot Algemene uitsondering 4**

A. Verlies of vernietiging van of skade aan die versekerde eiendom deur brand, ontploffing, weerlig, aardbewing of enige van die ingeslote spesiale gevare waarna hieronder verwys word, word nie hierdeur uitgesluit nie:

Die enigste spesiale gevare wat vir die doeleinde van hierdie spesiale uitbreiding ingesluit word, is skade wat veroorsaak word deur:

1. storm, wind, water, hael of sneeu;
2. lugvaartuie en ander lugtoestelle of voorwerpe wat daaruit laat val word;
3. botsing deur antennes, satellietskottels of voertuie met uitsluiting van skade aan sodanige antennes, satellietskottels, voertuie of eiendom in of op sodanige voertuie.

Hierdie spesiale gevare dek nie slytasie of geleidelike agteruitgang nie.

B. Hierdie Spesiale uitbreiding verseker nie enige verlies, vernietiging of gevolglike verlies indien dit nie in die afwesigheid van hierdié Algemene uitsondering en Spesiale uitbreiding daartoe verseker sou gewees het nie.

## Algemene woordomskrywing

***"eis"*** - enige versoek vir skadeloosstelling of vergoeding, ongeag of daar enige bedrae daarvoor bepaal is of nie.

# DEEL I

## Eiendomsversekering

## HUISINHOUD

### Basiese dekking

**1. Inhoud binne u geboue**
Verlies van of skade aan inhoud terwyl dit binne u geboue is.

**2. Inhoud buite u geboue**
Verlies van of skade aan inhoud terwyl dit buite u geboue is, veroorsaak deur:

- **enige gebeurtenis** terwyl inhoud
  - binne 'n gebou is waar u of 'n medeversekerde tydelik inwoon;
  - vir veilige bewaring gegee is by 'n hotel, losieshuis, klub, bank, veilige bewaringsloket of meubelbewaarplek wat geregistreer is vir die berging van goedere;
  - tydelik binne die woongedeelte van 'n bewoonde private woonhuis/woonstel is;
  - binne die gebou van 'n besigheid is om gemaak, verander, opgeknap, herstel, skoongemaak of gekleur te word. Diefstal of poging tot diefstal moet gepaardgaan met inbraak;
  - binne 'n gebou van enige kantoor, besigheid- of handelsinstansie is waar u of 'n medeversekerde werk. Geen dekking is van toepassing indien diefstal of poging tot diefstal nie gepaardgaan met inbraak nie;
  - op die perseel van u private woning is, tot **R5 000**. As u die huurder van die private woning is, sal u satellietskottel(s) wat op die perseel of aan die geboue geïnstalleer is, vir die volle vervangingswaarde gedek wees;
- **brand, weerlig of ontploffing** terwyl inhoud vervoer word of tydelik elders is as die plekke hierbo vermeld;
- **diefstal**, terwyl inhoud verwyder word wanneer u permanent van woonplek verander of terwyl inhoud vervoer word na of van 'n bank, bewaringskluis of meubelbewaarplek wat geregistreer is vir die berging van goedere.

**3. Huurgeld**
Huurgeld betaalbaar deur u en/of die redelike bykomende koste van alternatiewe verblyf indien u private woning onbewoonbaar gelaat word weens 'n gebeurtenis wat onder hierdie afdeling gedek is. Dekking is beperk tot **20% van die inhoud se versekerde bedrag** en geld slegs vir die redelike tydperk wat nodig is om u private woning bewoonbaar te maak.

**4. Brandweerkoste**
**Redelike koste** gehef deur 'n gemagtigde instansie vir brandblussing om skade aan inhoud te voorkom of te verminder.

**5. Tydelike verhoging van die versekerde bedrag**
Inhoud se versekerde bedrag word jaarliks vanaf 15 Desember tot 31 Januarie met **10%** verhoog.

### Opsionele dekking

Indien 'n opskrif wat hierna volg, in die bylae vermeld word, is die dekking van toepassing tot die perk van die versekerde bedrag wat daarvoor in die bylae vermeld word.

**1. Handelsvoorraad**
Verlies van of skade aan u of 'n medeversekerde se voorraad terwyl dit binne u geboue is. Die voorraad moet verband hou met die tuisnywerheid wat in die bylae omskryf is en wat u of 'n medeversekerde vanaf u perseel bedryf.

Eweredigheid sal nie toegepas word op hierdie dekking nie.

**2. Insakking en grondverskuiwing**
Verlies van of skade aan inhoud wat veroorsaak is deur insakking of grondverskuiwing, uitgesluit verlies of skade wat volg op:

- gebrekkige ontwerp of oprigting van enige gebou;
- die verwydering of verswakking van stutte van enige gebou;
- boukundige veranderings, toevoegings of herstelwerk;
- uitgrawings bo- of ondergronds, behalwe uitgrawings in die loop van mynboubedrywighede.

Indien dit verlang word, moet u bewys dat die verlies of skade waarvoor geëis word, veroorsaak is deur insakking of grondverskuiwing.

### Uitsonderings

Die volgende is nie gedek nie tensy dit spesifiek anders vermeld word:

1. eiendom wat meer spesifiek gedek is;
2. verlies of skade
   - 2.1 weens waardevermindering of oorsake wat geleidelik inwerk soos slytasie, roes, muf, wegvreting en verrotting;
   - 2.2 veroorsaak deur huishoudelike peste soos knaagdiere, miere en motte of 'n proses van skoonmaak, herstel of opknapping;
   - 2.3 van of aan gereedskap, tuinmaakwerktuie, tuinmeubels of outomatiese swembadskoonmaakapparate;
   - 2.4 van of aan eiendom binne 'n struktuur wat nie geheel en al onder dak is nie en veroorsaak is deur storm, wind, water, hael of sneeu;
   - 2.5 die koste van reproduksie of herstel van data;
3. skade aan glas, glasware of ander bros artikels weens krake of skrape, tensy veroorsaak deur diefstal of poging tot diefstal of brand. Juweliersware, kameras en vaste glas van televisiestelle word nie uitgesluit nie;

4. eiendom buite die gebiedsperke;

5. eiendom, ongeag of dit verwerk gaan word, wat aangeskaf is met die doel om dit later in 'n handelstransaksie van die hand te sit;

6. geld, sekuriteite vir geld, aktes, obligasies, tjeks, posorders en poswissels, verhandelbare en ander dokumente, seëls, manuskripte, seldsame boeke, medaljes en muntstukke;

7. voertuie, watervaartuie, lugvaartuie en ander lugtoestelle en enige deel, ingesluit die gereedskap, onderdele en toebehore van al die voormelde terwyl dit daarin, daarop of daaraan is. Fietse wat nie meganies of elektries aangedrewe is nie word nie uitgesluit nie;

8. diere;

9. verlies, skade of onklaarraking waarvoor daar in 'n waarborg, onderhoudskontrak of koop-, bruikhuur-, huurkoop- of finansieringsooreenkoms of enige ander soortgelyke ooreenkoms voorsiening gemaak is;

10. verlies of skade veroorsaak of vererger deur insakking of grondverskuiwing ongeag of dit volg op storm, wind, water, hael of sneeu;

11. verlies of skade wat ontstaan uit of wat verband hou met enige ruil-, kontant- of kredietverkoop transaksie, ingesluit diefstal deur middel van valse voorwendsels en/of bedrog;

12. diefstal uit buitegeboue vir meer as R5 000 tensy diefstal gepaardgaan met inbraak.

## Voorwaardes

### 1. Basis van skadeloosstelling

Die basis waarop skadeloosstelling bereken word, is die koste om die verlore of beskadigde eiendom of deel daarvan deur soortgelyke nuwe eiendom te vervang, beperk tot die versekerde bedrag wat in die bylae vermeld word.

### 2. Skadeloosstellingsperk

Ons betaal vir een eis of 'n reeks eise wat ontstaan uit een gebeurtenis tot die inhoud se versekerde bedrag of waar die bedrag van basiese dekking beperk word, tot die beperkte bedrag. Die betaling ten opsigte van basiese dekking 3 tot 5 is bykomend tot die inhoud se versekerde bedrag.

### 3. Eweredigheid

Indien daar vasgestel word dat, ten tye van enige verlies of skade, die bedrag wat nodig is om al die inhoud deur soortgelyke nuwe eiendom te vervang, meer is as die versekerde bedrag daarvoor, sal u as u eie versekeraar vir die verskil beskou word en dra u dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies of skade.

Hierdie voorwaarde is afsonderlik op elke item in die bylae van toepassing.

### 4. Waardevolle artikels

Ons sal nie meer as een derde van die inhoud se versekerde bedrag betaal vir pelse, juwele, juweliersware, edelgesteentes, horlosies en platinum-, goud- of silwerartikels nie.

### 5. Veiligheidsmaatreëls

Indien ons diewetralies voor alle oopmaakvensters vereis of 'n korting daarvoor toegestaan het, en die diewetralies word verwyder sonder om ons daarvan in kennis te stel, is diefstal- of inbraakdekking nie op hierdie afdeling van toepassing nie.

Indien ons veiligheidshekke voor alle buitedeure vereis of 'n korting daarvoor toegestaan het, en die veiligheidshekke is nie gesluit wanneer die woning onbewaak gelaat word nie, is diefstal- of inbraakdekking nie op hierdie afdeling van toepassing nie.

Indien ons 'n alarmstelsel vereis of 'n korting daarvoor toegestaan het, en die alarmstelsel is nie in 'n werkende toestand of word nie gestel voordat die geboue verlaat en onbewoon gelaat word nie, is diefstal- of inbraakdekking nie op hierdie afdeling van toepassing nie.

## Woordomskrywings

***"medeversekerde*"** - u gade en enige ander familielid van u of u gade wat normaalweg by u inwoon.

***"inhoud"***- huishoudelike goedere, persoonlike besittings (ingesluit kantoor- en tuisnywerheidtoerusting wat u of 'n medeversekerde in u private hoedanigheid besit) en vaste uitrusting en toebehore wat aan u of 'n medeversekerde behoort of waarvoor u verantwoordelik is. Vaste uitrusting en toebehore wat aan die eienaar van die geboue behoort, is uitgesluit.

***"private woning"***- die gebou van u private woonhuis/woonstel waarvan die konstruksie en ligging in die bylae vermeld word.

***"buitegeboue"***- huishoudelike vertrekke, private motorhuise en private buitegeboue wat op dieselfde perseel is as u private woning en wat gebruik word in verband met u private woning, maar wat nie direk toegang verleen daartoe nie.

***"geboue"*** - u private woning en buitegeboue.

***"perseel"*** - die perseel waarop u private woning geleë is.

***"gebiedsperke"*** - Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Lesotho, Botswana, Swaziland, Zimbabwe, Malawi en Mosambiek.

***"inbraak"***- inbreek in of uitbreek uit 'n gebou deur wesenlike, sigbare en gewelddadige middele.

# ALLERISIKO'S

## Opsionele dekking

Indien 'n opskrif wat hierna volg, in die bylae vermeld word, is die eiendom, wat aan u of 'n medeversekerde behoort, gedek tot die perk van die versekerde bedrag wat daarvoor in die bylae vermeld word.

### 1. Klerasie en persoonlike besittings

Verlies van of skade aan klerasie, brille, kontaklense, gehoortoestelle, penne, potlode, grimeermiddels en -houers, sigaretkokers en -aanstekers, juwele en juweliersware, persoonlike ornamente, horlosies, pelse, goud- of silwerartikels en ander soortgelyke artikels soos hierbo genoem, wat gewoonlik deur of aan 'n persoon gedra word; elektriese en ander skeermesse, sambrele, handsakke, tasse, sakrekenmasjiene, sakrekenaartoestelle soos elektroniese dagboeke, draagbare projektors, draagbare kameras en ander draagbare fotografiese toerusting, draagbare radio's en draagbare kassetspelers of draagbare kompakskyfspelers, verkykers, vuurwapens en sporttoerusting, asook trommels, tasse en ander houers waarin die eiendom gehou word terwyl gereis word; babatoerusting soos stootwaentjies en kindermotorsitplekke.

Ons betaal vir een artikel of 'n paar of stel artikels nie meer as **R1000** nie of **20%** van die versekerde bedrag wat vir hierdie dekking in die bylae vermeld word (wat ook al die grootste is).

### 2. Persoonlike dokumente, munt- of seëlversamelings

- Verlies van of skade aan persoonlike dokumente, onder meer persoonlike aktes, testamente, ooreenkomste, kaarte, planne, rekords, boeke, briewe en sertifikate. Aandelesertifikate en ander verhandelbare dokumente is nie gedek nie. Ons dek die persoonlike dokumente slegs ten opsigte van die waarde van die materiaal en die arbeidskoste om die dokumente te vervang.
- Verlies van of skade aan munt- of seëlversamelings. Ons betaal nie meer as die waarde vir 'n enkele muntstuk of seël of 'n enkele stel muntstukke of seëls wat verlore of beskadig raak nie. Die waarde word bepaal volgens die prys soos aangegee in die jongste katalogus of pryslys.

### 3. Vervoer van kruideniersware en huishoudelike goedere

Verlies van of skade aan kruideniersware en huishoudelike goedere wat na dit aangekoop is, deur u of 'n medeversekerde langs 'n redelike direkte roete na u woning vervoer word.

### 4. Sleutels, slotte en afstandbeheerkontroles

Verlies van of skade aan sleutels, slotte en afstand-beheerkontroles wat gebruik word in verband met u woning, voertuie of watervaartuie. Die redelike koste wat u in noodgevalle aangaan om 'n sleutelmaker te ontbied weens die verlies of skade, is ook gedek.

### 5. Rolstoele

Verlies van of skade aan 'n rolstoel wat in die bylae omskryf is en die toebehore daarvan.

### 6. Fietse

Verlies van of skade aan 'n fiets wat in die bylae omskryf is, wat nie meganies of elektries aangedrewe of ondersteun is nie, en die toebehore daarvan.

### 7. Sellulêre telefone (meganiese, elektriese of elektroniese onklaarraking ingesluit)

Verlies van of skade aan 'n selfoon wat in die bylae omskryf is en die bybehore daarvan.

### 8. Televisiestelle, videomasjiene, dekodeerders en videokameras (meganiese, elektriese of elektroniese onklaarraking ingesluit)

Verlies van of skade aan 'n televisiestel, videomasjien, dekodeerder of videokamera wat in die bylae omskryf is. Televisieantennestelsels is ook gedek.

### 9. Rekenaartoerusting (meganiese, elektriese of elektroniese onklaarraking ingesluit)

Verlies van of skade aan rekenaartoerusting en alle komponente daarvan wat in die bylae omskryf is. Die reproduksie of herstel van data of programmatuur (sagteware) is nie gedek nie.

### 10. Items in 'n bankkluis

Verlies van of skade aan items wat in die bylae omskryf is en wat in 'n kluis van 'n geregistreerde bank gehou word. Die items is slegs gedek terwyl dit in die bankkluis is.

### 11. Gespesifiseerde artikels

Verlies van of skade aan enige artikel wat in die bylae omskry is.

## Uitsonderings

Die volgende is nie gedek nie tensy dit spesifiek anders vermeld word:

1. verlies of skade:
   - 1.1. weens diefstal van klerasie vanaf 'n wasgoedlyn op die perseel van u private woning;
   - 1.2. weens waardevermindering of oorsake wat geleidelik inwerk soos slytasie, roes, muf, wegvreting en verrotting;
   - 1.3. veroorsaak deur huishoudelike peste soos knaagdiere, miere en motte of 'n proses van skoonmaak, herstel of opknapping;
   - 1.4. weens meganiese, elektriese of elektroniese onklaarraking;
   - 1.5. wat ontstaan uit of wat verband hou met enige ruil-, kontant- of kredietverkooptransaksie, ingesluit diefstal deur middel van valse voorwendsels en/of bedrog;
2. verlies, skade of onklaarraking waarvoor daar in 'n waarborg, onderhoudskontrak of koop-, bruikhuur-, huurkoop- of finansieringsooreenkoms of 'n ander soortgelyke ooreenkoms voorsiening gemaak is;

3. skade aan glas, glasware of ander bros artikels weens krake, skrape of brekasie tensy veroorsaak deur diefstal of poging tot diefstal of brand. Juweliersware, kameras en vaste glas van televisiestelle word nie uitgesluit nie;

4. eiendom, ongeag of dit verwerk gaan word, wat aangeskaf is met die doel om dit later in 'n handelstransaksie van die hand te sit;

5. voertuie, ingesluit tuinmaakwerktuie wat deur 'n bestuurder beheer word, watervaartuie, lugvaartuie en ander lugtoestelle en enige deel, ingesluit die gereedskap, onderdele en toebehore van al die voormelde terwyl dit daaraan, daarin of daarop is;

6. diefstal uit 'n onbewaakte voertuig wat nie gesluit is nie.

## Voorwaardes

### 1. Basis van skadeloosstelling

Die basis waarop skadeloosstelling bereken word, is die koste om die verlore of beskadigde eiendom of deel daarvan deur soortgelyke nuwe eiendom te vervang, beperk tot die versekerde bedrag wat in die bylae vermeld word.

### 2. Pare of stelle

Indien 'n artikel wat deel uitmaak van 'n paar of stel verlore of beskadig raak, betaal ons slegs die eweredige waarde wat die artikel verteenwoordig van die totale waarde van die paar of stel.

## Woordomskrywing

***"medeversekerde"*** - u gade en enige ander familielid van u of u gade wat normaalweg by u inwoon.

# GEBOUE

## Basiese dekking

### 1. Geboue

Verlies van of skade aan geboue veroorsaak deur 'n versekerde gevaar.

### 2. Bykomende koste

**Noodsaaklike koste** in verband met 'n geldige eis vir sloping en opruiming, oprigting van skuttings, munisipale plan-ondersoeke, argitekte, bourekenaars en raadgewende ingenieurs.

### 3. Brandweerkoste

**Redelike koste** gehef deur 'n gemagtigde instansie vir brandblussing om skade aan geboue te voorkom of verminder.

### 4. Verlies van huurgeld

Verlies van huurgeld indien die gebou van u private woonhuis weens 'n versekerde gevaar beskadig en onbewoonbaar gelaat word. Dekking is beperk tot **20% van die geboue se versekerde bedrag** en geld slegs vir die redelike tydperk wat nodig is om die gebou van u private woonhuis bewoonbaar te maak.

Die berekening van ons aanspreeklikheid word gebaseer op die werklike huurgeld wat u tydens die verlies of skade vir u geboue kry of die huurwaarde indien u self die geboue bewoon. Indien basiese dekking 3 (Huurgeld) van die afdeling huisinhoud op dieselfde gebeurtenis van toepassing is, sal ons u skadeloos stel onder slegs een van die betrokke afdelings.

### 5. Openbare toevoer- of hoofverbindings

Toevallige skade aan water-, rioolstelsel-, gas-, elektrisiteits- en telefoonverbindings tussen die openbare toevoer en u geboue. Die verbindings moet aan u behoort of u moet regtens daarvoor aanspreeklik wees.

### 6. Glas en sanitêre ware

Toevallige brekasie van glas, spieëls en sanitêre ware wat vaste dele van u geboue is. Die geboue moet gemeubileerd en bewoon wees ten tye van die brekasie. Afsplintering, skrape en ontsiering is nie gedek nie.

### 7. Skade aan tuine

Skade aan bome, struike, plante en sprinkelbesproeiingstelsels op u perseel wat veroorsaak is deur brand of ontploffing of enige persone wat reageer op 'n brand by u woning of deur 'n voertuig of lugvaartuig. Dekking is beperk tot **R5 000**.

## Opsionele dekking

Indien 'n opskrif wat hierna volg in die bylae vermeld word, is die dekking van toepassing tot die perk van die versekerde bedrag wat daarvoor in die bylae vermeld word.

### 1. Toevallige skade aan masjinerie

Skielike en onvoorsiene skade aan masjinerie van swembaddens, jacuzzi's, boorgate (uitgesluit windpompe), sprinkelbesproeiingstelsels, elektriese hekke of motorhuisdeure. Boorgatmasjinerie moet uitsluitlik water verskaf vir huishoudelike gebruik. Die masjinerie moet op die perseel van u woning geïnstalleer wees.

### 2. Insakking en grondverskuiwing

Verlies van of skade aan geboue wat veroorsaak is deur insakking of grondverskuiwing, **uitgesluit**:

- verlies van of skade aan riole, waterlope, grensmure, tuinmure, stutmure, hekpale, hekke en heinings;
- verlies of skade wat volg op
  - gebrekkige ontwerp of oprigting van enige gebou;
  - die verwydering of verswakking van stutte van enige gebou;
  - boukundige veranderings, toevoegings of herstelwerk;
  - uitgrawings bo- of ondergronds, behalwe uitgrawings in die loop van mynboubedrywighede.

Indien dit verlang word, moet u bewys dat die verlies of skade waarvoor geëis word, veroorsaak is deur insakking of grondverskuiwing.

## Uitsondering

Die volgende is nie gedek nie tensy dit spesifiek anders vermeld word:

Verlies of skade veroorsaak of vererger deur insakking of grondverskuiwing ongeag of dit volg op storm, wind, water, hael, sneeu of die oopbars van watertenks, -apparate of -pype.

## Voorwaardes

### 1. Basis van skadeloosstelling

Die basis waarop skadeloosstelling bereken word is die koste om die verlore of beskadigde eiendom of deel daarvan deur soortgelyke nuwe eiendom te vervang, beperk tot die versekerde bedrag wat in die bylae vermeld word.

### 2. Skadeloosstellingsperk

Ons betaal vir een eis of 'n reeks eise wat ontstaan uit een gebeurtenis tot die gebou se versekerde bedrag of waar die bedrag van die basiese dekking beperk word, tot die beperkte bedrag. Die betaling ten opsigte van basiese dekking 2 tot 7 is bykomend tot die gebou se versekerde bedrag.

### 3. Eweredigheid

Indien daar vasgestel word dat, ten tye van enige verlies of skade, die bedrag wat nodig is om u geboue deur soortgelyke nuwe geboue te vervang, meer is as die versekerde bedrag daarvoor, sal u as u eie versekeraar vir die verskil beskou word en dra u dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies of skade.

Hierdie voorwaarde is afsonderlik op elke item in die bylae van toepassing.

**4. Huurders**

Indien 'n huurder van u geboue sonder u wete iets doen of versuim om iets te doen wat in teenstelling met 'n voorwaarde, bepaling of uitsondering van hierdie polis is, sal u dekking van krag bly. U moet ons in kennis stel van die optrede of versuim sodra u daarvan te wete kom.

**5. Die verbandhouer se belange**

Die belange van die verbandhouer geniet voorkeur bo u belange, maar is beperk tot die uitstaande bedrag van die verband. Hierdie belange sal nie ongeldig gemaak word deur enige optrede of versuim van die verbandgewer of eienaar van die geboue nie, op voorwaarde dat die verbandhouer nie bewus is van die optrede of versuim nie.

## Woordomskrywings

***"geboue"*** - die gebou van u private woonhuis waarvan die konstruksie en ligging in die bylae vermeld word en alle private buitegeboue, private tennisbane, private swembaddens (uitgesluit verplaasbare swembaddens), swembadpompe, boorgatpompe wat uitsluitlik water verskaf vir huishoudelike gebruik, satellietskottels, grens- en ander mure, hekpale, hekke (insluitend die masjinerie daarvan), heinings (uitgesluit geplante heinings), geplaveide en bedekte areas (ingesluit opritte) van steen, beton, asfalt of klip (uitgesluit gruis), die eienaar se vaste uitrusting en toebehore terwyl in of op die woonhuis, buitegeboue, grens- en ander mure, hekpale, hekke, tennisbane of swembaddens.

***"inbraak"***- inbreek in of uitbreek uit 'n gebou deur wesenlike, sigbare en gewelddadige middele.

***"versekerde gevare" -***

- brand, weerlig, ontploffing;
- storm, wind, water, hael of sneeu met uitsluiting van verlies of skade:
  - wat voortspruit uit 'n proses waarby die gebruik of aanwending van water noodsaaklik is;
  - veroorsaak deur slytasie of geleidelike verslegting;
- aardbewing;
- oopbars van watertenks, -apparate of -pype (ingesluit die skade daaraan);
- toevallige lekkasie van olie uit olieverwarmers;
- vallende bome of botsing deur voertuie, diere, lugvaartuie en ander lugtoestelle of enigiets wat daarvan val;
- ineenstorting of brekasie van antennestelsels (ingesluit die skade daaraan);
- diefstal of poging tot diefstal
  Indien u geboue onbewoon gelaat word of terwyl u geboue of 'n deel daarvan uitgeleen, verhuur of onderverhuur is, moet diefstal of poging tot diefstal gepaardgaan met inbraak. Vir hierdie doeleindes sal die inneem van gaste wat betaal, kosgangers of loseerders, hoogstens drie in getal, nie beskou word om die uitleen, verhuur of onderverhuur van u geboue te wees nie;
- inbraak of poging tot inbraak;
- kwaadwillige beskadiging.

## VOERTUIE

### Basiese dekking

**1. Soort dekking**

- **Omvattend**

Indien die dekking as **omvattend** in die bylae vermeld word - verlies van of skade aan die voertuig.

- **Beperk (Brand en diefstal)**

Indien die dekking as **beperk** in die bylae vermeld word - verlies van of skade aan die voertuig wat veroorsaak is deur brand, weerlig, ontploffing, diefstal of poging tot diefstal.

- **Diefstal uitgesluit**

Indien die dekking as **diefstal uitgesluit** in die bylae vermeld word - verlies van of skade aan die voertuig uitgesluit verlies of skade wat deur diefstal of poging tot diefstal veroorsaak is.

**2. Beskerming, noodherstelwerk en aflewering**

- Die **redelike koste** vir beskerming en verwydering van die voertuig na die naaste hersteller indien die voertuig buite werking is weens verlies of skade wat onder hierdie afdeling gedek is.
- Noodherstelwerk tot **R1 000** aan die voertuig. Noodherstelwerk aan die vensterglas is onbeperk.

  Noodherstelwerk moet weens verlies of skade wees wat onder hierdie afdeling gedek is en u mag dit goedkeur sonder ons vooraf toestemming. U moet 'n gespesifiseerde faktuur verkry en dit aan ons stuur.
- Die **redelike koste** om die voertuig aan u af te lewer, binne die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Lesotho, Botswana en Swaziland, na herstel van skade of verlies wat onder die afdeling gedek is.

**3. Vervanging van 'n nuwe voertuig**

Vervanging van die voertuig wat 'n motor of ligte afleweringsvoertuig is, deur 'n soortgelyke nuwe voertuig indien die voertuig nie ouer as twaalf maande is na die datum van eerste registrasie nie en nie meer as 30 000 kilometer afgelê het nie. Ons sal die voertuig vervang indien dit beskadig is en volgens ons nie ekonomies herstelbaar is nie of gesteel is en nie binne 'n redelike tydperk teruggevind word nie.

Hierdie dekking sal slegs van toepassing wees indien die versekerde bedrag vir die voertuig gelyk is aan of meer is as die kleinhandelprys, soos aangedui in die Auto Dealers-gids wat deur Mead en McGrouther gepubliseer word.

Vervanging sal slegs geskied indien 'n soortgelyke nuwe voertuig in die plaaslike mark beskikbaar is.

### Opsionele dekking

Indien 'n opskrif wat hierna volg, in die bylae vermeld word, is die dekking van toepassing tot die perk van die versekerde bedrag (waar van toepassing) wat daarvoor in die bylae vermeld is.

**1. Gespesifiseerde toebehore (soos klanktoerusting en motortelefone)**

Verlies van of skade aan toebehore wat deel is van die voertuig en in die bylae omskryf is. Ons dek ook die toerusting terwyl dit tydelik uit die voertuig verwyder is.

**2. Verskil tussen markwaarde en huurkoop**

Die verskil tussen die markwaarde van die voertuig wat 'n motor of ligte afleweringsvoertuig is en die uitstaande bedrag van 'n uitgestelde verkoopsooreenkoms indien die motor of ligte afleweringsvoertuig beskadig is en volgens ons nie ekonomies herstelbaar is nie of gesteel is en nie binne 'n redelike tydperk teruggevind word nie. Ons betaal die verskil aan die titelhouer wat in die ooreenkoms genoem is, uitgesluit paaiemente of rente wat agterstallig is.

**3. Inhoud van woonwaens**

Verlies van of skade aan die inhoud van die woonwa terwyl dit in die woonwa of sytent daarvan gehou word, **uitgesluit**:

- vaste uitrusting en toebehore;
- verlies van of skade aan gereedskap of goedere en monsters wat verband hou met 'n besigheid, handel of beroep;
- skade aan glas, glasware of ander bros artikels weens brekasie, skrape of krake, tensy dit veroorsaak is deur 'n ongeluk waarin die woonwa betrokke is.

**4. Motorgereedskap, -onderdele en -reistoebehore**

Verlies van of skade aan motorgereedskap, -onderdele en -reistoebehore soortgelyk aan reisdekens, sitplekoortreksels, rubbermatjies, sleeptoue en interne sonskerms terwyl dit in die voertuig is.

**5. Motorhuur – Omvattend (Totale verlies en gedeeltelike skade)**

Ons sal aan u 'n voertuig van ons keuse voorsien indien u voertuig onbruikbaar is of herstel word weens verlies of skade wat onder hierdie afdeling gedek is. Verlies of skade wat minder as die toepaslike bybetaling is word nie geag om gedek te wees nie.

Ons sal die voertuig voorsien nadat ons volledig inligting ten opsigte van die verlies of skade ontvang het.

Die voertuig sal aan u voorsien word vir 'n tydperk van dertig dae of 'n korter tydperk (wat ook al eerste voorkom) wat sal eindig wanneer:

- die voertuig bevredigend herstel is, indien die voertuig ekonomies herstel kan word;
- u 'n vervangende voertuig aangekoop het, in geval van 'n kontantskikking;
- die voertuig teruggevind is plus enige hersteltyd daarna, in geval van diefstal van die voertuig.

**6. Motorhuur – Beperk (Slegs totale verlies)**

Ons sal aan u 'n voertuig van ons keuse voorsien indien u voertuig beskadig is en volgens ons nie ekonomies herstelbaar is nie of gesteel is en nie binne 'n redelike tydperk terruggevind

word nie. Die verlies of skade moet onder hierdie afdeling gedek wees.

Ons sal die voertuig voorsien nadat ons volledig inligting ten opsigte van die verlies of skade ontvang het.

Die voertuig sal aan u voorsien word vir 'n tydperk van dertig dae of 'n korter tydperk (wat ook al eerste voorkom) wat sal eindig wanneer:

- u 'n vervangende voertuig aangekoop het, in geval van 'n kontantskikking;
- die voertuig teruggevind is plus enige hersteltyd daarna, in geval van diefstal van die voertuig.

## Uitsonderings

Die volgende is nie gedek nie:

1. meganiese of elektriese onklaarraking; waardevermindering; oorsake wat geleidelik inwerk soos slytasie, roes, muf, wegvreting en verrotting;
2. skade aan buitebande veroorsaak deur die gebruik van remme of deur lekkasie, snye of barste terwyl op pad;
3. skade aan veerstelsels weens ongelyke paaie of ander ongelyke oppervlakke;
4. skade aan die voertuig wat ontstaan uit of waartoe bygedra is deur 'n onpadwaardige toestand van die voertuig;
5. verlies van of skade aan die voertuig wat ontstaan
   5.1. buite die gebiedsperke, tensy die voertuig per see vervoer word tussen hawens in die gebiedsperke;
   5.2. indien die voertuig op 'n ander wyse gebruik word as wat uiteengesit is in die betrokke gebruikvoorwaarde;
   5.3. uit of wat verband hou met enige ruil-, kontant- of kredietverkooptransaksie, ingesluit diefstal deur middel van valse voorwendsels en/of bedrog;
   5.4. terwyl u die voertuig bestuur of sleep en onder die invloed van bedwelmende drank of verdowingsmiddels is of u bloedalkohol-konsentrasie meer is as die wetlike perk;
   5.5. terwyl 'n ander persoon, met u uitdruklike of stilswyende toestemming, die voertuig bestuur of sleep en na u wete onder die invloed van bedwelmende drank of verdowingsmiddels is;
   5.6. terwyl u of 'n ander persoon, met u uitdruklike of stilswyende toestemming, die voertuig bestuur of sleep sonder 'n rybewys, ongeag waar die voertuig bestuur of gesleep word.

## Voorwaardes

### 1. Gebruik

- **Privaat**

Indien die gebruik as **"privaat"** in die bylae vermeld word, mag die voertuig gebruik word vir sosiale, huishoudelike en plesierdoeleindes. Die voertuig mag ook gebruik word vir u professie asook ritte tussen plek van verblyf en vaste werkplek of by uitsondering vir besigheid, handel of beroep.

**Die volgende gebruike is uitgesluit -** indien die voertuig 'n woonwa of sleepwa is gebruik in verband met enige besigheid, handel of beroep; vehuring; vervoer van passasiers wat huurgeld of reisgeld betaal of indien die voertuig 'n woonwa of sleepwa is, die vervoer van enige passasiers; onderrig in bestuur teen vergoeding; wedrenne; gebruik vir die sleep van 'n voertuig teen vergoeding; vervoer van plofstowwe; die vervoer van meer vrag of passasiers as waarvoor die voertuig ontwerp of gelisensieer is; terwyl die voertuig in die bewaring of onder die beheer is van 'n motorhandelaar met die doel om verkoop te word.

- **Besigheid**

Indien die gebruik as **"besigheid"** in die bylae vermeld word, mag die voertuig gebruik word vir sosiale, huishoudelike, plesier-, besigheids-, handel- en beroepsdoeleindes.

**Die volgende gebruike is uitgesluit -** verhuring; vervoer van passasiers wat huurgeld of reisgeld betaal; onderrig in bestuur teen vergoeding; wedrenne; gebruik vir die sleep van 'n voertuig teen vergoeding; vervoer van plofstowwe; die vervoer van meer vrag of passasiers as waarvoor die voertuig ontwerp of gelisensieer is; terwyl die voertuig in die bewaring of onder die beheer is van 'n motorhandelaar met die doel om verkoop te word.

- **Boerdery**

Indien die gebruik as **"boerdery"** in die bylae vermeld word, mag die voertuig gebruik word vir sosiale, huishoudelike en plesierdoeleindes, asook vir u onderneming of beroep wat met u boerdery verband hou.

**Die volgende gebruike is uitgesluit -** verhuring; vervoer van passasiers wat huurgeld of reisgeld betaal; onderrig in bestuur teen vergoeding; wedrenne; gebruik vir die sleep van 'n voertuig teen vergoeding; vervoer van plofstowwe; die vervoer van meer vrag of passasiers as waarvoor die voertuig ontwerp of gelisensieer is; terwyl die voertuig in die bewaring of onder die beheer is van 'n motorhandelaar met die doel om verkoop te word.

### 2. Skadeloosstellingsperk

Die maksimum bedrag wat ons vir verlies van of skade aan die voertuig sal betaal, is beperk tot die versekerde bedrag of die redelike markwaarde daarvan - wat ook al die minste is.

### 3. Onverkrygbare onderdele

Indien 'n onderdeel wat nodig is om die voertuig te herstel, nie beskikbaar is in die Republiek van Suid-Afrika as 'n standaarddeel (pasklaar vervaardig) nie, sal ons 'n bedrag betaal wat gelykstaande is aan die waarde van die deel ten tye van die ontstaan van die verlies of skade. Die bedrag sluit die redelike koste van vervoer (uitgesluit lugvervoer) van die deel in. Die waarde van die deel sal bepaal word volgens die prys soos aangegee in die jongste katalogus of pryslys.

**4. Belange van 'n titelhouer**

Indien 'n geldige eis ontstaan en ons weet dat die voertuig die onderwerp van 'n uitgestelde verkoopsooreenkoms is, sal ons die titelhouer wat in die ooreenkoms genoem is, betaal. Ons betaal slegs tot die uitstaande bedrag, ingevolge die ooreenkoms, aan die titelhouer en enige verdere bedrag wat betaalbaar is, sal aan u betaal word.

**5. Verdere skade na 'n ongeluk**

Indien die voertuig in 'n ongeluk is of onklaar raak en gebruik of bestuur word voordat die nodige herstelwerk uitgevoer is, is u verantwoordelik vir enige gevolglike skade aan die voertuig wat ontstaan weens die ongeluk of onklaarraking.

**6. Veiligheidsmaatreëls**

Indien 'n beveiligingstoestel wat in of op die voertuig geïnstalleer is, en deur ons vereis word of waarvoor ons 'n korting toegestaan het, nie geaktiveer of in werking gestel is wanneer die voertuig onbewaak gelaat word nie, is diefstaldekking nie ten opsigte van die voertuig van toepassing nie.

## Woordomskrywings

***"voertuig"*** - enige motor, ligte afleweringsvoertuig, sleepwa, woonwa of motorfiets wat in die bylae omskryf is, ingesluit die standaarduitgereikte gereedskap, toebehore en onderdele terwyl dit daarin of daarop is, asook ander bykomende toebehore en onderdele van die voertuig terwyl dit daaraan geheg is.

***"motor"*** - 'n private motor, of 'n kombi/mikrobus/minibus (of soortgelyke voertuig) wat ontwerp of aangepas is vir die vervoer van hoogstens tien persone (ingesluit die bestuurder), of 'n stasiewa, of 'n selfaangedrewe woonwa met 'n bruto voertuigmassa van hoogstens 3 500 kg.

***"ligte afleweringsvoertuig"*** - 'n ligte afleweringsvoertuig (ingesluit 'n paneelwa) met 'n bruto voertuigmassa van hoogstens 3 500 kg.

***"sleepwa"*** - 'n voertuig (uitgesluit 'n woonwa) wat nie selfaangedrewe is nie en wat ontwerp of aangepas is om deur 'n selfaangedrewe voertuig getrek te word.

***"woonwa"*** - 'n woonwa wat nie selfaangedrewe is nie en wat ontwerp of aangepas is om deur 'n selfaangedrewe voertuig getrek te word.

***"motorfiets"*** - 'n motorfiets, bromponie, kragfiets of 'n kragaangedrewe/kragondersteunde trapfiets.

***"rybewys"*** - 'n geldige bestuurderslisensie ooreenkomstig die wetgewing van toepassing in die betrokke gebied waar die voertuig gebruik word ten tye van enige verlies of skade. Indien 'n persoon leer bestuur, moet die persoon voldoen aan die wetgewing ten opsigte van leerlingbestuurders.

***"gebiedsperke"*** - Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Lesotho, Botswana, Swaziland, Zimbabwe, Malawi en Mosambiek.

***"wedrenne"*** - resiesja, snelheids- of ander wedrenne, wedstryde of toetse (ingesluit tydrenne).

## WATERVAARTUIE

### Basiese dekking

**1. Omvattend**

Verlies van of skade aan die watervaartuig.

**2. Beskerming en aflewering**

- Die **redelike koste** vir die berging, beskerming en verwydering van die watervaartuig na die naaste hersteller, indien die watervaartuig buite werking is weens verlies of skade wat onder hierdie afdeling gedek is.
- Die **redelike koste** om die watervaartuig aan u af te lewer, binne die Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Lesotho, Botswana en Swaziland, na herstel van skade of verlies wat onder die afdeling gedek is.

**3. Besigtiging van die romp na stranding, sinking of botsing**

**Redelike koste** wat spesifiek aangegaan is om die romp van die watervaartuig te besigtig vir skade weens die stranding, sinking of botsing daarvan.

**4. Koste om 'n verlies te voorkom**

**Redelike koste** aangegaan om verlies of skade wat onder hierdie afdeling gedek is, te voorkom of verminder.

### Opsionele dekking

Indien die opskrif wat hierna volg, in die bylae vermeld word, is die dekking van toepassing tot die perk van die versekerde bedrag wat daarvoor in die bylae vermeld is.

**1. Buiteboordmotors**

Verlies van of skade aan 'n buiteboordmotor wat in die bylae omskryf word.

**2. Gespesifiseerde toebehore (soos waterski's en elektroniese toerusting)**

Verlies van of skade aan die watervaartuig se los of vaste toebehore wat in die bylae omskryf is. Uitsondering 9 sal nie geld ten opsigte van items wat in die bylae omskryf is nie.

### Uitsonderings

Die volgende is nie gedek nie:

1. diefstal of poging tot diefstal:
   - 1.1 wat nie gepaardgaan met wesenlike, sigbare en gewelddadige middele nie, van vaste en los uitrusting en toerusting en buiteboordmotors van die watervaartuig, vanuit
     - 'n onbewaakte vervoermiddel, ingesluit 'n watervaartuig;
     - huishoudelike buitegeboue wat nie reg-streeks toegang verleen tot enige private woning nie;
     - enige ander bergingsplek;
   - 1.2 van die buiteboordmotors wat aan die watervaartuig geheg is en nie behoorlik vasgebout is daaraan nie;
2. buiteboordmotors van die watervaartuig wat afval of oorboord val terwyl dit nie behoorlik aan die watervaartuig vasgemaak is met 'n ketting nie of aan die watervaartuig vasgebout is nie;
3. meganiese of elektriese onklaarraking; oorsake wat geleidelik inwerk soos slytasie, roes, muf, wegvreting en verrotting;
4. verlies of skade veroorsaak deur motte of ongedierte;
5. verlies van of skade aan seile en skutbedekkings wat geskeur word deur wind of weggewaai word terwyl dit opgestel is;
6. skade weens skrape, kneusing of duike wat ontstaan gedurende transito of gedurende op- of aflaai;
7. skade aan die watervaartuig wat ontstaan of waartoe bygedra is deur 'n onseewaardige toestand van die watervaartuig;
8. verlies van of skade aan die watervaartuig wat ontstaan:
   - 8.1. buite die Republiek van Suid-Afrika of buite 'n gebied van 20 kilometer vanaf die kus van die Republiek van Suid-Afrika;
   - 8.2. indien die watervaartuig op 'n ander wyse gebruik word as wat uiteengesit is in die gebruikvoorwaarde;
   - 8.3. uit of verband hou met enige ruil-, kontant- of kredietverkooptransaksie, ingesluit diefstal deur middel van valse voorwendsels en/of bedrog;
9. bootvaarklere of bemanningsklere en ander persoonlike besittings; duik- en visvangtoerusting (ingesluit nette); waterski's, skitoue en ander sporttoerusting; voedsel, brandstof en ander voorrade; reddingsgordels en mediese toerusting; verkykers, sekstante, seevaartboeke, seevaartkaarte en ander soortgelyke navigasietoerusting; radar-, visopsporings-, radio-, televisie- en ander soortgelyke elektroniese toerusting.

### Voorwaardes

**1. Gebruik**

Die watervaartuig mag gebruik word vir sosiale, huishoudelike en plesierdoeleiendes.

**Die volgende gebruike is uitgesluit** - resiesja, snelheids- of ander wedvaarte, wedstryde of toetse (ingesluit regattas) of enige proewe in verband daarmee; gebruik in verband met enige besigheid, handel of beroep.

**2. Basis van skadeloosstelling**

Indien die **watervaartuig jonger as vyf jaar** is - is die basis waarop skadeloosstelling bereken word, die koste om die watervaartuig of deel daarvan deur soortgelyke nuwe eiendom te vervang. Hierdie basis geld nie vir seile, skutbedekkings, opgestelde takelwerk, buiteboordmotors, binneboordmotors en batterye nie. Vir hierdie items sal die basis van skadeloosstelling wees die koste om die items te vervang tot hoogstens die redelike markwaarde daarvan.

Indien die **watervaartuig ouer as vyf jaar** is - is die basis waarop skadeloosstelling bereken word, die koste om die watervaartuig of deel daarvan tot hoogstens die redelike markwaarde daarvan te vervang.

**3. Skadeloosstellingsperk**

Die maksimum bedrag wat ons vir verlies van of skade aan die watervaartuig sal betaal, is die versekerde bedrag daarvan.

**4. Eweredigheid**

Indien die **watervaartuig jonger as vyf jaar** is en daar word vasgestel dat, ten tye van enigeverlies of skade, die bedrag wat nodig is om die watervaartuig - behalwe seile, skutbedekkings, opgestelde takelwerk, buiteboordmotors, binneboordmotors en batterye - deur soortgelyke nuwe eiendom te vervang, meer is as die versekerde bedrag daarvoor sal u as u eie versekeraar vir die verskil beskou word en dra u dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies of skade.

Indien die **watervaartuig ouer as vyf jaar** is en daar word vasgestel dat, ten tye van enige verlies of skade, die bedrag wat nodig is om die watervaartuig met soortgelyke eiendom te vervang, meer is as die versekerde bedrag daarvoor sal u as u eie versekeraar vir die verskil beskou word en dra u dienooreenkomstig 'n eweredige deel van die verlies of skade.

Hierdie voorwaarde is afsonderlik op elke item in die bylae van toepassing.

**5. Onverkrygbare onderdele**

Indien 'n onderdeel wat nodig is om die watervaartuig te herstel, nie beskikbaar is in die Republiek van Suid-Afrika as 'n standaarddeel (pasklaar vervaardig) nie, sal ons 'n bedrag betaal wat gelykstaande is aan die waarde van die deel ten tye van die ontstaan van die verlies of skade. Die bedrag sluit die redelike koste van vervoer (uitgesluit lugvervoer) van die deel in. Die waarde van die deel sal bepaal word volgens die prys soos aangegee in die jongste katalogus of pryslys.

**6. Belange van 'n titelhouer**

Indien 'n geldige eis ontstaan en ons weet dat die watervaartuig die onderwerp van 'n uitgestelde verkoopooreenkoms is, sal ons die titelhouer wat in die ooreenkoms genoem is, betaal. Ons betaal slegs tot die uitstaande bedrag, ingevolge die ooreenkoms, aan die titelhouer en enige verdere bedrag wat betaalbaar is, sal aan u betaal word.

## Woordomskrywing

***"watervaartuig"***- enige watervaartuig wat in die bylae omskryf is, se romp (waarvan die lengte nie 6 meter oorskry nie), binneboordmotors, roer, skroef, skutbedekkings, vasmeertoue en -kettings, seile, rondhoute, maste, takelwerk en vaste en los uitrusting en toerusting.

## DEEL 2

## Aanspreeklikheid- en Regshulpversekering

## PERSOONLIKE REGSAANSPREEKLIKHEID

### Basiese dekking

**1. Persoonlike regsaanspreeklikheid**

Wetlike aanspreeklikheid vir bedrae wat u, 'n medeversekerde (wat nie andersins gedek is nie) of u regsverteenwoordiger (in geval van u dood) as vergoeding moet betaal weens:

- toevallige dood van of liggaamlike besering aan of siekte van 'n persoon,
- toevallige fisieke verlies van of skade aan tasbare eiendom,

wat plaasvind of ontstaan gedurende die berekeningstydperk op enige plek in die wêreld;

- regskoste en -uitgawes
  - wat 'n eiser van u of 'n medeversekerde kan verhaal in verband met 'n geldige eis onder hierdie afdeling;
  - wat u of 'n medeversekerde met ons skriftelike toestemming aangaan.

**2. Aanspreeklikheid vir onregmatige inhegtenisneming**

Wetlike aanspreeklikheid vir bedrae wat u of 'n medeversekerde as vergoeding moet betaal weens die onregmatige inhegtenisneming of deursoeking van 'n persoon, ingesluit aanranding wat daarmee verband hou, wat plaasvind gedurende die berekeningstydperk. Dekking is beperk tot **R50 000**.

**3. Kredietkaarte, -strokies en SIM-kaarte (vir gebruik in selfone)**

Aanspreeklikheid vir bedrae wat u of u gade moet betaal weens die onregmatige gebruik deur 'n persoon, wat nie verwant is aan u of u gade nie, van:

- kredietkaarte of -strokies wat amptelik deur 'n kredietinstelling uitgereik is in u of u gade se naam;

  U en u gade moet voldoen het aan die bepalings en voorwaardes waarvolgens die kredietkaarte en -strokies aan u of u gade uitgereik is;

- SIM-kaarte wat in u of u gade se naam uitgereik is.

Dekking is beperk tot **R2 000**.

**4. Kolhou of voltal**

Indien u of 'n medeversekerde 'n kolhou slaan in gholf of 'n voltal behaal in rolbal, op 'n gholf- of rolbalbaan wat geaffilieer is by 'n provinsiale unie, sal ons u **R1 000** betaal.

Die kolhou of voltal moet behaal word binne die erkende spelreëls van die betrokke spel en die kolhou of voltal moet skriftelik bekragtig word deur die sekretaris van die klub.

**5. Aanspreeklikheid teenoor huishoudelike werknemers**

Wetlike aanspreeklikheid vir bedrae wat u of 'n medeversekerde (wat nie andersins gedek is nie) as vergoeding moet betaal weens:

- toevallige dood van of liggaamlike besering aan 'n huishoudelike werknemer van u of 'n medeversekerde wat ontstaan uit en in die loop van sy of haar diens gedurende die berekeningstydperk;
- regskoste en -uitgawes
  - wat 'n eiser van u of 'n medeversekerde kan verhaal in verband met 'n geldige eis onder hierdie dekking;
  - wat u of 'n medeversekerde met ons skriftelike toestemming aangaan.

**6. Huurdersaanspreeklikheid**

Wetlike aanspreeklikheid vir bedrae wat u as huurder of okkupeerder van 'n woonplek aan die eienaar van die woonplek moet betaal weens toevallige:

- verlies van of skade aan die geboue en/of vaste uitrusting en toebehore daarin, direk veroorsaak deur
  - storm, wind, water, hael of sneeu,
  - diefstal of poging tot diefstal,
  - brand of ontploffing;
- brekasie van glas en sanitêre ware (uitgesluit afsplintering, skrape en ontsiering);
- skade aan toevoerverbindings wat strek tussen die openbare toevoer en die geboue;
- botsing deur diere of voertuie;
- verlies van of skade aan sleutels, slotte en afstandbeheerkontroles;

wat plaasvind of ontstaan gedurende die berekeningstydperk.

Aanspreeklikheid weens verlies van of skade aan sleutels, slotte en afstandbeheerkontroles is beperk tot **R1 000**.

**7. Sekuriteitsmaatskappye**

Algemene uitsondering 1.3 is nie van toepassing op enige aanspreeklikheid wat aanvaar is ingevolge 'n skriftelike kontrak wat aangegaan is met enige entiteit wat sekuriteitsdienste of gewapende reaksie-dienste lewer, ten opsigte van eiendom verseker onder "Huisinhoud" en "Geboue" nie.

### Uitsonderings

Die volgende is nie gedek nie tensy dit spesifiek anders vermeld word:

1. regskoste en -uitgawes aangegaan na die datum waarop ons die volle bedrag van 'n eis, of 'n mindere bedrag waarvoor 'n eis geskik kan word, of die maksimum bedrag waarvoor ons aanspreeklik is vir 'n eis, betaal het of onderneem het om dit te betaal;
2. aanspreeklikheid weens toevallige dood van of liggaamlike besering aan of siekte van u of 'n medeversekerde en enige persoon in u of 'n medeversekerde se diens, indien die aanspreeklikheid in die loop van die diens ontstaan;

3. aanspreeklikheid weens toevallige verlies van of skade aan eiendom wat behoort aan of wat verhuur of geleen is aan of wat in trust gehou word deur of wat onder die toesig of beheer is van of wat in bewaring van u of 'n medeversekerde of enige persoon in u of 'n medeversekerde se diens is;

4. aanspreeklikheid wat verband hou met:
   4.1. die beoefening van enige besigheid, handel of beroep;
   4.2. die besit, eienaarskap, okkupasie of gebruik van grond, geboue of strukture behalwe
      - grond wat deel is van u private woning se perseel en waarvan die ligging onder "huisinhoud" in die bylae vermeld word;
      - geboue of strukture waarvan die ligging onder "geboue" in die bylae vermeld word;
   4.3. bouwerk soos veranderings, toevoegings of herstelwerk aan die geboue waarvan die ligging onder "geboue" in die bylae vermeld word;
   4.4. trilling of die verwydering, verswakking van of steuring aan stut van grond, geboue of ander eiendom;
   4.5. die eienaarskap, besit, gebruik of hantering van voertuie (ingesluit sleepwaens en woonwaens, maar nie fietse wat nie meganies of elektries ondersteun is nie), watervaartuie, lugvaartuie of ander lugtoestelle, vuurwapens, windbukse of enige diere (behalwe honde en katte);

5. aanspreeklikheid vir boetes, strawwe of bestraffende skadevergoeding;

6. aanspreeklikheid wat ontstaan uit 'n oorsaak wat geleidelik inwerk en nie uit 'n skielike en identifiseerbare gebeurtenis ontstaan nie;

7. aanspreeklikheid van 'n medeversekerde of regsverteenwoordiger indien hulle nie die bepalings van die polis nakom nie.

## Voorwaarde

**Skadeloosstellingsperk**

Ons betaal vir een eis of 'n reeks eise wat ontstaan uit een gebeurtenis of alle gebeurtenisse wat plaasvind gedurende 'n berekeningstydperk tot die bedrag wat in die bylae vermeld word of waar die bedrag van basiese dekking beperk word, tot die beperkte bedrag.

## Woordomskrywing

***"medeversekerde"*** - u gade en enige ander familielid van u of u gade wat normaalweg by u inwoon.

## VOERTUIGAANSPREEKLIKHEID

### Basiese dekking

**1. Aanspreeklikheid teenoor derde partye**

Wetlike aanspreeklikheid vir bedrae wat u as vergoeding moet betaal weens 'n gebeurtenis wat plaasvind of ontstaan in verband met die versekerde voertuig, ingesluit die sleep van enige enkele versekerde of ander voertuig, asook die op- of aflaai van enige vrag van die versekerde voertuig.

**2. Aanspreeklikheid indien 'n ander persoon die versekerde voertuig bestuur of gebruik**

Wetlike aanspreeklikheid vir bedrae wat 'n ander persoon as vergoeding moet betaal weens 'n gebeurtenis wat plaasvind of ontstaan in verband met die versekerde voertuig, terwyl die ander persoon die versekerde voertuig bestuur of gebruik, ingesluit die op- of aflaai van enige vrag van die versekerde voertuig.

Ons is nie aanspreeklik nie, indien die ander persoon:

- die versekerde voertuig sonder u uitdruklike of stilswyende toestemming bestuur;
- op skadeloosstelling onder 'n ander polis geregtig is;
- nie die bepalings van hierdie polis nakom nie;
- deur 'n versekeraar enige voertuigversekering of voortsetting daarvan geweier is.

**3. Aanspreeklikheid indien u 'n ander voertuig bestuur of gebruik**

Wetlike aanspreeklikheid vir bedrae wat u as vergoeding moet betaal weens 'n gebeurtenis wat plaasvind of ontstaan in verband met 'n ander voertuig, terwyl u die ander voertuig bestuur of gebruik, ingesluit die op- en aflaai van enige vrag van die ander voertuig. Skade aan die ander voertuig is nie gedek nie.

Ons is aanspreeklik indien die ander voertuig wat bestuur of gebruik word:

- 'n motorfiets is en die versekerde voertuig 'n motorfiets is;
- 'n sleepwa is en die versekerde voertuig 'n sleepwa is;
- 'n woonwa is en die versekerde voertuig 'n woonwa is;
- 'n motor is en die versekerde voertuig 'n motor of ligte afleweringsvoertuig is;
- 'n ligte afleweringsvoertuig is en die versekerde voertuig 'n ligte afleweringsvoertuig of motor is.

**4. Passasiersaanspreeklikheid ten opsigte van motorfietse en ligte afleweringsvoertuie**

Wetlike aanspreeklikheid vir bedrae wat u as vergoeding moet betaal weens toevallige dood van of besering aan 'n persoon wat, by die plaasvind van 'n gebeurtenis, vervoer word in of op 'n versekerde motorfiets. Dekking is beperk tot **R100 000.**

Wetlike aanspreeklikheid vir bedrae wat u as vergoeding moet betaal weens toevallige dood van of besering aan 'n persoon wat, by die plaasvind van 'n gebeurtenis, vervoer word in of op die laaibak van 'n versekerde ligte afleweringsvoertuig. Dekking is beperk tot **R200 000**.

### Uitsonderings

Die volgende is nie gedek nie tensy dit spesifiek anders vermeld word:

1. regskoste en -uitgawes aangegaan na die datum waarop ons die volle bedrag van enige eis, of 'n mindere bedrag waarvoor 'n eis geskik kan word, of die maksimum bedrag waarvoor ons aanspreeklik is vir 'n eis, betaal het of onderneem het om dit te betaal;
2. aanspreeklikheid weens toevallige dood van of liggaamlike besering aan of siekte van u of 'n lid van u huishouding of gesin of enige persoon in u diens, indien die aanspreeklikheid in die loop van die diens ontstaan;
3. aanspreeklikheid weens toevallige verlies van of skade aan eiendom wat:
   - 3.1. behoort aan of in trust gehou word deur of onder toesig of beheer is van of in bewaring is van u, 'n lid van u huishouding of gesin of enige persoon in u diens;
   - 3.2. deur die versekerde of ander voertuig vervoer word of daarop gelaai of daarvan afgelaai word;
4. aanspreeklikheid weens toevallige dood, besering of skade wat verband hou met enige gereedskap of installasie wat deel uitmaak van of vasgeheg is aan of gebruik word in verband met die versekerde of ander voertuig of enigiets vervaardig deur of vervat in die gereedskap of installasie. Hierdie uitsondering geld nie wanneer die voertuig gebruik word met die doel om dit te herstel of in stand te hou nie;
5. aanspreeklikheid weens toevallige dood van of besering aan 'n persoon wat, by die plaasvind van 'n gebeurtenis, vervoer word in of op 'n woonwa, sleepwa, motorfiets of ligte afleweringsvoertuig (behalwe in die bestuurderskajuit);
6. die gedeelte van enige vergoeding waarvoor voorsiening gemaak word volgens die Wet op Verpligtende Motorvoertuigongelukke-versekering van toepassing in die gebiedsperke;
7. aanspreeklikheid weens toevallige verlies van of skade aan 'n ander voertuig wat op sleeptou geneem word;
8. aanspreeklikheid weens toevallige dood van of besering aan enige persoon wat vervoer word in of op 'n versekerde of ander voertuig wat op sleeptou geneem word;
9. koste, uitgawes of aanspreeklikheid wat ontstaan:
   - 9.1. buite die gebiedsperke, tensy die versekerde voertuig per see vervoer word tussen hawens in die gebiedsperke;
   - 9.2. indien die versekerde of ander voertuig op 'n ander wyse gebruik word as wat uiteengesit is in die betrokke gebruikvoorwaarde;

9.3. terwyl u die versekerde of ander voertuig bestuur of sleep en onder die invloed van bedwelmende drank of verdowingsmiddels is of u bloedalkohol-konsentrasie meer is as die wetlike perk;

9.4. terwyl 'n ander persoon, met u uitdruklike of stilswyende toestemming, die versekerde of ander voertuig bestuur of sleep en onder die invloed van bedwelmende drank of verdowingsmiddels is;

9.5. terwyl u of 'n ander persoon, met u uitdruklike of stilswyende toestemming, die versekerde of ander voertuig bestuur of sleep sonder 'n rybewys, ongeag waar die voertuig bestuur of gesleep word.

## Voorwaardes

### 1. Gebruik

- **Privaat**

Indien die gebruik as **"privaat"** in die bylae vermeld word, mag die voertuig gebruik word vir sosiale, huishoudelike en plesierdoeleindes. Die voertuig mag ook gebruik word vir u professie asook ritte tussen plek van verblyf en vaste werkplek of by uitsondering vir besigheid, handel of beroep.

**Die volgende gebruike is uitgesluit** - indien die voertuig 'n woonwa of sleepwa is, gebruik in verband met enige besigheid, handel of beroep; vehuring; vervoer van passasiers wat huurgeld of reisgeld betaal of indien die voertuig 'n woonwa of sleepwa is, die vervoer van enige passasiers; onderrig in bestuur teen vergoeding; wedrenne; gebruik vir die sleep van 'n voertuig teen vergoeding; vervoer van plofstowwe; die vervoer van meer vrag of passasiers as waarvoor die voertuig ontwerp of gelisensieer is; terwyl die voertuig in die bewaring of onder die beheer is van 'n motorhandelaar met die doel om verkoop te word.

- **Besigheid**

Indien die gebruik as **"besigheid"** in die bylae vermeld word, mag die voertuig gebruik word vir sosiale, huishoudelike, plesier-, besigheids-, handel- en beroepsdoeleindes.

**Die volgende gebruike is uitgesluit -** verhuring; vervoer van passasiers wat huurgeld of reisgeld betaal; onderrig in bestuur teen vergoeding; wedrenne; gebruik vir die sleep van 'n voertuig teen vergoeding; vervoer van plofstowwe; die vervoer van meer vrag of passasiers as waarvoor die voertuig ontwerp of gelisensieer is; terwyl die voertuig in die bewaring of onder die beheer is van 'n motorhandelaar met die doel om verkoop te word.

- **Boerdery**

Indien die gebruik as **"boerdery"** in die bylae vermeld word, mag die voertuig gebruik word vir sosiale, huishoudelike en plesierdoeleindes, asook vir u onderneming of beroep wat met u boerdery verband hou.

**Die volgende gebruike is uitgesluit** - verhuring; vervoer van passasiers wat huurgeld of reisgeld betaal; onderrig in bestuur teen vergoeding; wedrenne; gebruik vir die sleep van 'n voertuig teen vergoeding; vervoer van plofstowwe; die vervoer van meer vrag of passasiers as waarvoor die voertuig ontwerp of gelisensieer is; terwyl die voertuig in die bewaring of onder die beheer is van 'n motorhandelaar met die doel om verkoop te word.

### 2. Skadeloosstellingsperk

Ons sal ten opsigte van een eis of 'n reeks eise wat ontstaan uit een gebeurtenis of alle gebeurtenisse wat plaasvind gedurende enige een berekeningstydperk tot die bedrag in die bylae vermeld betaal.

### 3. Verteenwoordiging/verdediging

Ons is geregtig om te reël vir:

- verteenwoordiging by enige geregtelike lykskouing of nadoodse ondersoek ten opsigte van enige sterfgeval;
- die verdediging ten opsigte van enige handeling wat die oorsaak is van of in verband staan met enige gebeurtenis;

wat die onderwerp van skadeloosstelling ingevolge hierdie afdeling mag wees.

## Woordomskrywings

***"versekerde voertuig"***- enige motor, ligte afleweringsvoertuig, sleepwa, woonwa of motorfiets wat in die bylae omskryf is, ingesluit die standaarduitgereikte gereedskap, toebehore en onderdele terwyl dit daarin of daarop is, asook ander bykomende toebehore en onderdele van die voertuig terwyl dit daaraan geheg is.

***"ander voertuig"***- enige motor, ligte afleweringsvoertuig, sleepwa, woonwa of motorfiets wat nie in die bylae omskryf is nie en nie aan u behoort nie en ook nie ingevolge 'n uitgestelde verkoopsooreenkoms aan u verhuur of verkoop is nie of, indien u met die motorhandel gemoeid is, behoort aan of in die bewaring of onder die beheer is van 'n maatskappy of firma van motorhandelaars waarvan u 'n direkteur, vennoot, lid of werknemer is of in u bewaring of onder u beheer is in die loop van u besigheid as motorhandelaar.

***"motor"*** - 'n private motor, of 'n kombi/mikrobus/minibus (of soortgelyke voertuig) wat ontwerp of aangepas is vir die vervoer van hoogstens tien persone (ingesluit die bestuurder), of 'n stasiewa, of 'n selfaangedrewe woonwa met 'n bruto voertuigmassa van hoogstens 3 500 kg.

***"ligte afleweringsvoertuig"***- 'n ligte afleweringsvoertuig (ingesluit 'n paneelwa) met 'n bruto voertuigmassa van hoogstens 3 500 kg.

***"sleepwa"*** - 'n voertuig (uitgesluit 'n woonwa) wat nie selfaangedrewe is nie en wat ontwerp of aangepas is om deur 'n selfaangedrewe voertuig getrek te word.

***"woonwa"*** - 'n woonwa wat nie selfaangedrewe is nie en wat ontwerp of aangepas is om deur 'n selfaangedrewe voertuig getrek te word.

***"motorfiets"*** - 'n motorfiets, bromponie, kragfiets of 'n kragaangedrewe/kragondersteunde trapfiets.

***"gebeurtenis"***- 'n gebeurtenis wat lei tot:

- toevallige dood van of liggaamlike besering aan of siekte van 'n persoon;
- toevallige fisieke verlies van of skade aan tasbare eiendom;
- regskoste en -uitgawes
  - wat 'n eiser kan verhaal in verband met 'n geldige eis onder hierdie afdeling,
  - met ons skriftelike toestemming aangegaan.

***"rybewys"*** - 'n geldige bestuurderslisensie ooreenkomstig die wetgewing van toepassing in die betrokke gebied waar die voertuig gebruik word ten tye van enige verlies of skade. Indien 'n persoon leer bestuur, moet die persoon voldoen aan die wetgewing ten opsigte van leerlingbestuurders.

***"gebiedsperke"***- Republiek van Suid-Afrika, Namibië, Lesotho, Botswana, Swaziland, Zimbabwe en Malawi.

***"wedrenne"***- resiesja, snelheids- of ander wedrenne, wedstryde of toetse (ingesluit tydrenne).

# WATERVAARTUIGAANSPREEKLIKHEID

## Basiese dekking

### 1. Aanspreeklikheid teenoor derde partye

Wetlike aanspreeklikheid vir bedrae wat u as vergoeding moet betaal weens 'n gebeurtenis wat plaasvind of ontstaan in verband met die watervaartuig.

### 2. Aanspreeklikheid van water- of valskermskiërs

Wetlike aanspreeklikheid vir bedrae wat 'n water- of valskermskiër as vergoeding moet betaal weens 'n gebeurtenis wat plaasvind of ontstaan terwyl die water- of valskermskiër gesleep word deur die watervaartuig.

Ons is nie aanspreeklik nie:

- indien die water- of valskermskiër op skadeloosstelling onder 'n ander polis geregtig is;
- vir toevallige dood van of liggaamlike besering aan of siekte van 'n persoon wat 'n lid van die water- of valskermskiër se huishouding of gesin is of 'n persoon in diens van die water- of valskermskiër indien die dood, liggaamlike besering of siekte ontstaan uit en/of in die loop van die diens;
- vir toevallige fisieke verlies van of skade aan eiendom wat behoort aan of in trust gehou word deur of onder toesig of beheer is van of in bewaring is van die water- of valskermskiër of enige lid van die water- of valskermskiër se huishouding of gesin of enige persoon in die water- of valskermskiër se diens;
- indien die water- of valskermskiër nie die bepalings van hierdie polis nakom nie.

### 3. Aanspreeklikheid indien 'n ander persoon u watervaartuig navigeer

Wetlike aanspreeklikheid vir bedrae wat 'n ander persoon as vergoeding moet betaal weens 'n gebeurtenis wat plaasvind of ontstaan in verband met die watervaartuig, terwyl die ander persoon die watervaartuig navigeer.

Ons is nie aanspreeklik nie, indien die ander persoon:

- die watervaartuig sonder u uitdruklike of stilswyende toestemming navigeer;
- op skadeloosstelling onder 'n ander polis geregtig is;
- nie die bepalings van hierdie polis nakom nie;
- deur 'n versekeraar enige seilboot-, motorboot-, of kleinvaartuigversekering of voortsetting daarvan geweier is.

### 4. Koste vir uitligting, verwydering en vernietiging

Koste, met ons skriftelike toestemming aangegaan, vir uitligting, verwydering of vernietiging van die wrak van die watervaartuig.

## Uitsonderings

Die volgende is nie gedek nie:

1. regskoste en -uitgawes aangegaan na die datum waarop ons die volle bedrag van enige eis, of 'n mindere bedrag waarvoor 'n eis geskik kan word, of die maksimum bedrag waarvoor ons aanspreeklik is vir 'n eis, betaal het of onderneem het om dit te betaal;
2. aanspreeklikheid, koste of uitgawes:
   - 2.1. weens advies of behandeling toegedien of beskikbaar gestel deur u of 'n persoon wat namens u optree;
   - 2.2. wat ontstaan terwyl die watervaartuig per pad vervoer word;
   - 2.3. weens 'n gebeurtenis buite die Republiek van Suid-Afrika of buite 'n gebied van 20 kilometer vanaf die kus van die Republiek van Suid-Afrika;
   - 2.4. wat ontstaan indien die watervaartuig op 'n ander wyse gebruik word as wat uiteengesit is in die gebruikvoorwaarde;
3. aanspreeklikheid weens toevallige dood van of liggaamlike besering aan of siekte van u of 'n lid van u huishouding of gesin of 'n persoon in of op die watervaartuig wat reisgeld betaal of enige persoon in u diens indien die aanspreeklikheid in die loop van die diens ontstaan;
4. aanspreeklikheid weens toevallige verlies van of skade aan eiendom wat:
   - 4.1. behoort aan of in trust gehou word deur of onder toesig of beheer is van of in die bewaring is van u, 'n lid van u huishouding of gesin of enige persoon in u diens;
   - 4.2. vervoer word of vervoer gaan word in of op die watervaartuig.

## Voorwaardes

### 1. Gebruik

Die watervaartuig mag gebruik word vir sosiale, huishoudelike en plesierdoeleiendes.

**Die volgende gebruike is uitgesluit** - resiesja, snelheids- of ander wedvaarte, wedstryde of toetse (ingesluit regattas) of enige proewe in verband daarmee; gebruik in verband met enige besigheid, handel of beroep.

### 2. Skadeloosstellingsperk

Ons sal ten opsigte van een eis of 'n reeks eise wat ontstaan uit een gebeurtenis of reeks gebeurtenisse tot die bedrag wat in die bylae vermeld word, betaal.

## Woordomskrywings

***"watervaartuig"***- enige watervaartuig wat in die bylae omskryf is, se romp (waarvan die lengte nie 6 meter oorskry nie), binneboordmotors, buiteboordmotors waarvan die besonderhede in die bylae van watervaartuie vermeld word, roer, skroef, skutbedekkings, vasmeertoue en -kettings, seile, rondhoute, maste, takelwerk en vaste en los uitrusting en toerusting.

***“gebeurtenis”***- ‘n gebeurtenis wat lei tot:

- toevallige dood van of liggaamlike besering aan of siekte van ‘n persoon;
- toevallige fisieke verlies van of skade aan tasbare eiendom;
- regskoste en -uitgawes
    - wat ‘n eiser kan verhaal in verband met ‘n geldige eis onder hierdie afdeling;
    - met ons skriftelike toestemming aangegaan.

## UITGEBREIDE PERSOONLIKE REGSAANSPREEKLIKHEID

### Basiese dekking

**Persoonlike regsaanspreeklikheid**

Wetlike aanspreeklikheid vir bedrae wat u of 'n medeversekerde (wat nie andersins gedek is nie) as vergoeding moet betaal weens:

- enige gebeurtenis
  - ten opsigte waarvan aanspreeklikheid nie deur 'n onderliggende polis gedek word nie,
  - ten opsigte waarvan die aanspreeklikheidsperk, ingesluit regskoste en -uitgawes, van die onderliggende polis oorskry word wat vir die doeleiendes van hierdie afdeling beskou word 'n minimum van **R500 000** te wees, maar **R1 000 000** ten opsigte van voertuig- en watervaartuigaanspreeklikheid,

  wat plaasvind gedurende die berekeningstydperk op enige plek in die wêreld;
- regskoste en -uitgawes
  - wat 'n eiser van u of 'n medeversekerde kan verhaal in verband met 'n geldige eis onder hierdie afdeling;
  - wat u of 'n medeversekerde met ons skriftelike toestemming aangaan.

### Uitsonderings

Die volgende is nie gedek nie:

1. aanspreeklikheid wat verband hou met:
   1.1. enige uitspraak, toekenning, betaling of skikking gemaak binne 'n land wat onderhewig is aan die wette van die Verenigde State van Amerika of Kanada of onderhewig is aan 'n bevel wat op enige plek in die wêreld gemaak is om die uitspraak, toekenning, betaling of skikking of deel daarvan uit te voer;
   1.2. die beoefening van enige besigheid, handel of beroep;
   1.3. u verhuring van eiendom of enige gedeelte daarvan;
   1.4. u of 'n medeversekerde se roekelose minagting van die moontlike gevolge van u dade of versuim;
   1.5. verlies van of skade aan eiendom tot die mate wat die aanspreeklikheid kragtens enige ander versekeringskontrak skadeloos gestel word;
   1.6. die eienaarskap, besit, gebruik of hantering van enige lugvaartuig behalwe 'n modellugvaartuig of 'n hangsweeftuig;
   1.7. 'n verkoop- of ruiltransaksie van enige eiendom;
   1.8. MIV (Menslike Immuniteitsgebrekvirus) of enige verwante siekte, insluitend VIGS (Verworwe Immuniteitsgebreksindroom) of enige veranderings, afleidings of variasies daarvan;
   1.9. voertuig- of watervaartuigaanspreeklikheid, tensy die aanspreeklikheid deur enige onderliggende versekering skadeloos gestel is of waar die aanspreeklikheid deur die onderliggende versekering uitgesluit is as gevolg van enige gebiedsbeperkings;
   1.10. watervaartuigaanspreeklikheid indien die totale lengte van die watervaartuig 10,5 meter oorskry;
   1.11. verlies van of skade aan enige selfaangedrewe landvoertuig, sleepwa, woonwa, watervaartuig of lugvaartuig onder u of 'n medeversekerde se toesig, bewaring of beheer;
   1.12. 'n oneerlike, bedrieglike of opsetlike daad of dade van fisieke aanranding of verleiding deur u of 'n medeversekerde gepleeg;
   1.13. die betaling van enige boete, straf of veelvuldige, bestraffende of verswarende skadevergoeding;
   1.14. enige skuld;
   1.15. die nalaat om enige onderhoud, versorging of enige ander bedrae te betaal na verbreking van 'n belofte;
   1.16. die verkoop, ruil of omruiling van eiendom of u of 'n medeversekerde se nalating om aan verpligtinge in verband daarmee te voldoen;
2. die eerste R5 000 van elke eis ten opsigte van eiendom gehuur, op bruikhuur of deur u of 'n medeversekerde geleen;
3. die eerste R2 000 van elke eis, weens die opskorting of beëindiging van die diens van enige huishoudelike werknemer;
4. aanspreeklikheid:
   4.1. van een versekerde party teenoor 'n ander versekerde party wat onder hierdie afdeling gedek is of gedek was toe die gebeurtenis plaasgevind het;
   4.2. wat die onderwerp is van wetgewing wat die gebruik van motorvoertuie of sleepwaens beheer en ten opsigte waarvan
   - u of 'n medeversekerde verplig is om versekering te verkry of om sekuriteit te stel;
   - die staat of ander regeringsliggaam of owerheid aanspreeklikheid aanvaar het.

### Voorwaardes

**1. Onderliggende versekeringspolis**

Skadeloosstelling is onderhewig daaraan dat daar ten tye van die gebeurtenis, onderliggende versekering van krag is wat die soort aanspreeklikheidsdekking verskaf as waarvoor u onder hierdie afdeling eis en op voorwaarde dat u of 'n medeversekerde nie enige van die voorwaardes van die onderliggende versekering verbreek het nie.

Indien skadeloosstelling betrekking het op 'n gebeurtenis ten opsigte waarvan die aanspreeklikheidsperk, ingesluit regskoste en -uitgawes, van die onderliggende polis oorskry word, moet die onderliggende versekeraar die volle bedrag van die skadeloosstelling betaal het of onderneem het om dit te betaal.

**2. Skadeloosstellingsperk**

Ons sal ten opsigte van een eis of 'n reeks eise wat ontstaan uit een gebeurtenis of alle gebeurtenisse wat plaasvind gedurende enige een berekeningstydperk tot die bedrag wat in die bylae vermeld word, betaal.

## Woordomskrywings

***"medeversekerde"*** - u gade en enige ander familielid van u of u gade wat normaalweg by u inwoon.

***"onderliggende versekering"***- 'n bestaande versekeringspolis van krag by:

- 'n geregistreerde Suid-Afrikaanse versekeraar (onderliggende versekeraar) wat persoonlike aanspreeklikheid, eienaars-van-eiendom-aanspreeklikheid, huurdersaanspreeklikheid, motoraanspreeklikheid of watervaartuigaan-spreeklikheid dek;
- enige versekeraar (onderliggende versekeraar) in die wêreld wat motoraanspreeklikheid, watervaartuigaanspreeklikheid of eienaars-van-eiendom-aanspreeklikheid dek, ten opsigte van enige motorvoertuig wat u gehuur het, op bruikhuur het of besit of ten opsigte van enige watervaartuig of eiendom wat u besit buite die Republiek van Suid-Afrika of Namibië.

## LEGAL ACCESS

### Basiese dekking

Regskoste en -uitgawes aangegaan in verband met die volgende gebeurtenisse:

- 'n gebeurtenis wat lei tot siviele regsaksies ingestel deur of teen u in u private hoedanigheid.
- 'n gebeurtenis wat lei tot u verdediging teen 'n kriminele aanklag.
- 'n gebeurtenis wat lei tot 'n regsaksie deur of teen u in 'n nywerheidshof.
- 'n regsaksie in verband met gesinsaangeleenthede bv. egskeiding, kindertoesigdispute, onderhoudsgedinge en toegang tot kinders.

Regskoste en -uitgawes sal getakseer word volgens ons vaste tarief van toepassing.

Die aangaan van 'n regsaksie in verband met enige gebeurtenis onder basiese dekking, moet met ons skriftelike toestemming geskied. Indien dit nie gebeur nie, mag ons u eis afwys.

### Uitsonderings

Die volgende is nie gedek nie:

1. regskoste en -uitgawes ten opsigte van 'n gebeurtenis wat verband hou met die volgende:
   - 1.1. u besigheid of beroep (tensy dit lei tot 'n aksie in 'n nywerheidshof); beroepsport; kopieregte, patentregte of ander soortgelyke regte;
   - 1.2. die gebruik van 'n kragaangedrewe voertuig/watervaartuig/lugvaartuig vir wedrenne;
   - 1.3. 'n onregmatige daad wat u pleeg wat die veiligheid van die staat in gevaar stel of wat gemik is op die omverwerping van die regering;
   - 1.4. skadeloosstelling wat strydig is met enige landswet;
   - 1.5. 'n onregmatige daad of versuim wat u pleeg waar geweld, oneerlikheid of onsedelikheid 'n element is. Ons mag egter na goeddunke die meriete van die geval bepaal en besluit om die regskoste en -uitgawes te betaal;
   - 1.6. 'n siviele regsaksie beoog of ingestel tussen partye (versekerde, gade en kinders) wat onder hierdie afdeling gedek is. Hierdie uitsondering is nie van toepassing op gesinsaangeleenthede nie;
   - 1.7. 'n regsaksie waarby ons betrokke is;
   - 1.8. u voertuig wat in 'n ongeluk betrokke is en ten tye van die ongeluk
     - 1.8.1. deur u bestuur is terwyl u onder die invloed van bedwelmende drank of -verdowingsmiddels is of u bloedalkohol-konsentrasie meer is as die wetlike perk of u nie in besit is van 'n geldige rybewys om u voertuig te bestuur nie;
     - 1.8.2. met u uitdruklike of stilswyende toestemming bestuur is deur 'n persoon wat nie in besit is van 'n geldige rybewys om u voertuig te bestuur nie;
     - 1.8.3. nie 'n geldige motorlisensie het nie;
     - 1.8.4. nie in 'n padwaardige toestand was nie;
   - 1.9. 'n verkeersoortreding waarvoor 'n skulderkenningsboete bepaal is;
   - 1.10. die verhaling of betaling van enige bybetaling ten opsigte van motorvoertuigversekering.
2. regskoste en -uitgawes vir enige werklike of beoogde regsaksie buite die Republiek van Suid-Afrika;
3. regskoste en -uitgawes indien
   - 3.1 die regsaksie voortgesit of verdedig word op 'n wyse wat verskil van die advies van die prokureur of advokaat wat u verteenwoordig;
   - 3.2 u nie tydige, behoorlike opdragte of volledige inligting aan u prokureur of advokaat gee nie.

### Voorwaardes

**1. Skadeloosstellingsperk**

Ons betaal ten opsigte van een eis of 'n reeks eise wat ontstaan uit een gebeurtenis nie meer as die bedrag wat in die bylae vermeld word nie.

**2. Kosterekenings**

Alle kosterekenings moet voor taksering vir goedkeuring aan ons voorgelê word en ons mag die taksering teenstaan.

**3. Verhaling**

Indien enige regskoste en -uitgawes van 'n ander party verhaal word, moet dit aan ons oorbetaal word.

**4. Wagtydperk**

Sekere gebeurtenisse is eers gedek nadat daar 'n wagtydperk verloop het. Die wagtydperk word in die bylae uiteengesit.

**5. Gesinsaangeleenthede**

Indien u regskoste en -uitgawes eis vir 'n regsaksie in verband met gesinsaangeleenthede, mag u nie weer 'n eis vir gesinsaangeleenthede instel nie voordat 'n termyn van 12 agtereenvolgende maande verloop het vanaf die datum waarop die regsaksie deur die betrokke partye geskik is of 'n hofuitspraak gelewer is.

### Woordomskrywings

***"u"*** - die versekerde wat in die bylae genoem word, die versekerde se gade en hulle kinders.

***"kinders"***- natuurlike, wettig aangenome of stiefkinders onder die ouderdom van 21 jaar, asook kinders bo die ouderdom van 21 jaar wat geestelik of liggaamlik gestremd is en geheel en al van die versekerde of gade afhanklik is en by die versekerde inwoon. Kinders wat van die versekerde of gade afhanklik is en voltyds studeer, is tot die ouderdom van 25 jaar ingesluit. Getroude kinders word nie ingesluit nie.

***"regskoste en -uitgawes"***- regskoste en -uitgawes aangegaan deur 'n prokureur wat aangestel is om u te verteenwoordig en wat getakseer is ooreenkomstig die tarief van toepassing.

## DEEL 3

## Familiebeskermingsversekering

## PERSOONLIKE ONGEVALLE

### Basiese dekking

**Dood/permanente ongeskiktheid**

Vergoeding vir u dood of permanente ongeskiktheid direk veroorsaak deur liggaamlike besering weens 'n ongeval.

### Uitsonderings

Die volgende is nie gedek nie:

1. dood of permanente ongeskiktheid weens:
   1.1. selfmoord, poging tot selfmoord of opsetlike besering; kranksinnigheid; neurose; stres-verwante toestande; enige liggaamlike gebrek of swakheid; veneriese siekte; MIV (Menslike Immuniteitsgebrekvirus) of enige verwante siekte, insluitend VIGS (Verworwe Immuniteitsgebreksindroom) of enige veranderings, afleidings of variasies daarvan; swangerskap, kindergeboorte, miskraam, aborsie of enige komplikasies of gevolg hiervan;
   1.2. u deelname aan verrigtings van die verdedigingsmag, polisiemag of korrektiewe dienste;
   1.3. resies, behalwe te voet of in 'n watervaartuig wat nie meganies aangedrewe is nie; motorfietsry;
   1.4. die grawe of sink van mynputte of skagte, ondergrondse mynbedrywighede of die vervaardiging of gebruik van plofstowwe;
   1.5. u opsetlike wangedrag;
2. dood of permanente ongeskiktheid:
   2.1. as gevolg daarvan dat u onder die invloed is van bedwelmende drank of verdowingsmiddels;
   2.2. weens die bestuur van 'n voertuig terwyl u bloedalkohol-konsentrasie meer is as die wetlike perk;
3. dood of permanente ongeskiktheid indien u jonger as 16 jaar of ouer as 70 jaar is.

### Vergoedingskaal

**Vergoeding vir dood** - die bedrag teenoor u naam in die bylae vermeld.

**Vergoeding vir permanente ongeskiktheid** - 'n persentasie, soos vir die besondere permanente ongeskiktheid gespesifiseer in die volgende vergoedingskaal, van die bedrag teenoor u naam in die bylae vermeld.

| Beskrywing van permanente ongeskiktheid | Persentasie |
|---|---|
| Verlies weens fisieke skeiding by of bokant die pols of enkel van een of meer ledemate | 100% |
| Verlies van vier vingers van een hand | 70% |
| Verlies van duim: | |
| - albei litte | 25% |
| - een lit | 10% |
| Verlies van wysvinger: | |
| - drie litte | 10% |
| - twee litte | 8% |
| - een lit | 4% |
| Verlies van middelvinger: | |
| - drie litte | 6% |
| - twee litte | 4% |
| - een lit | 2% |
| Verlies van ringvinger: | |
| - drie litte | 5% |
| - twee litte | 4% |
| - een lit | 2% |
| Verlies van pinkie: | |
| - drie litte | 4% |
| - twee litte | 3% |
| - een lit | 2% |
| Verlies van middelhandbene: | |
| - eerste of tweede (bykomend) | 3% |
| - derde, vierde of vyfde (bykomend) | 2% |
| Verlies van tone: | |
| - almal van een voet | 30% |
| - groot (albei litte) | 15% |
| - groot (een lit) | 2% |
| - anders as groot, indien meer as een toon verloor is, elk | 1% |
| Verlies van gehoor: | |
| - albei ore | 80% |
| - een oor | 25% |
| Algehele en onherstelbare verlies van alle sig van een of albei oë | 100% |
| Verlies van | |
| - sig, behalwe waarneming van lig | 75% |
| - lens van oog | 75% |
| Algehele verlamming, of algehele ongeskiktheid om ooit weer die beroep te beoefen of die normale werk te doen waarvoor u opgelei is of kennis oor het, of u permanent bedlêend is | 100% |

Permanente algehele verlies van gebruik van 'n ledemaat sal beskou word om die verlies van die ledemaat te wees.

Indien daar nie vir 'n besondere permanente ongeskiktheid voorsiening gemaak is nie omdat dit nie in die vergoedingskaal hierbo aangegee word nie, sal ons vergoeding oorweeg ten opsigte van die permanente ongeskiktheid, maar wat volgens ons mening nie teenstrydig is met die bepalings van die vergoedingskaal nie.

## Voorwaardes

**1. Maksimum vergoeding betaalbaar**

Die vergoeding betaalbaar wat toegeskryf kan word aan een ongeval of reeks ongevalle wat ontstaan uit een gebeurtenis, sal nooit meer wees nie as die bedrag wat teenoor u naam in die bylae vermeld is.

**2. Ander versekering**

Hierdie afdeling is nie aan Algemene voorwaarde 11 (ander versekering) onderworpe nie.

**3. Mediese ondersoeke**

Wanneer ons dit verlang, en op ons koste, moet u uself aan mediese ondersoeke onderwerp.

**4. Mediese advies**

Indien enige liggaamlike besering opgedoen word wat tot 'n eis aanleiding mag gee, moet mediese advies binne 'n redelike tyd verkry en gevolg word. Ons is nie aanspreeklik vir enige gevolge wat ontstaan weens u versuim om advies te verkry of dit te volg nie, ingesluit die gebruik van spesiale toestelle wat voorgeskryf mag word.

**5. Vergoeding in geval van u dood**

Vergoeding in geval van u dood sal aan u boedel betaal word.

## Woordomskrywings

***"dood"*** - dood wat intree binne twaalf kalendermaande na die ongeval.

***"u"*** - enige persoon wie se naam onder die opskrif "versekerde persone" in die bylae van hierdie afdeling genoem is.

***"liggaamlike besering"*** - liggaamlike besering veroorsaak deur gewelddadige, toevallige, uitwendige en sigbare middele.

***"ongeval"*** - 'n ongeval wat direk veroorsaak dat liggaamlike besering opgedoen word.

***"permanente ongeskiktheid"*** - permanente ongeskiktheid, soos gespesifiseer in die vergoedingskaal, wat ontstaan binne twaalf kalendermaande nadat die liggaamlike besering opgedoen is.

## STERFTEVOORDEELPLAN

Hierdie sterftevoordeelplan word deur Rentmeester Versekeraars Beperk (Rentmeester) onderskryf. Alle eise, asook navrae in verband met u dekking, word deur Rentmeester hanteer. U skakel slegs (012) 841 6088/16/72.

### Basiese dekking

**1. Dood**

- Vergoeding vir u dood wat ontstaan uit 'n onnatuurlike oorsaak (ongeluk).
- Vergoeding vir u dood wat ontstaan uit 'n natuurlike oorsaak. Hierdie dekking tree in werking nadat die wagperiode wat in die bylae vermeld word, verloop het en alle premies gedurende die wagperiode betaal is. Indien al die premies nie gedurende die wagperiode betaal is nie, tree die dekking eers in werking nadat die ooreenstemmende getal premies wat vir die wagperiode verlang word, betaal is. Premies kan nie terugwerkend betaal word nie.

Die vergoeding word in die bylae vermeld.

**2. Volopbetaalde dekking (slegs gesinsdekking)**

Indien u naam in die bylae uitgebrei is met die woorde "en gesin" en u word geregtig op vergoeding onder basiese dekking 1, word u gade en kinders se dekking gratis voortgesit.

**3. Voortsetting van dekking**

U is geregtig om hierdie sterftevoordeelplan voort te sit na beëindiging van u Santam polis. U moet Rentmeester binne sestig dae na die kansellasie kontak om u reeds goedgekeurde dekking voort te sit.

### Uitsonderings

Die volgende is nie gedek nie:

dood weens:

1. selfmoord of poging tot selfmoord gedurende die eerste 24 maande wat u dekking geniet onder hierdie afdeling, ongeag of u kranksinnig of regtens ontoerekeningsvatbaar was ten tye van die selfmoord of poging tot selfmoord;
2. MIV (Menslike Immuniteitsgebrekvirus) of enige verwante siekte, insluitend VIGS (Verworwe Immuniteitsgebreksindroom) of enige veranderings, afleidings of variasies daarvan, tensy u kan bewys dat MIV of VIGS opgedoen is
   - 2.1. deur die verkryging van bloedprodukte, bloedoortappings of weefseloorplanting;
   - 2.2. tydens die uitvoering van u mediese pligte terwyl u geregistreer is by die Suid-Afrikaanse Geneeskundige of Tandheelkundige Raad;
   - 2.3. tydens die uitvoering van u pligte wat vereis dat u moet bystand verleen aan geïnfekteerde ongevalle terwyl u 'n lid is van die Suid-Afrikaanse Polisiediens, Brandweerdiens, Nasionale Verdedigingsmag, Korrektiewe Dienste of 'n erkende geneeskundige hulpliggaam.

### Voorwaardes

**1. Eiseprosedure**

- U kan kies tussen 'n begrafnisdiens of 'n kontantbetaling, maar Rentmeester sal nie meer betaal nie as die vergoeding wat teenoor u naam in die bylae vermeld word.
- Hierdie sterftevoordeelplan waarborg om die vergoeding te betaal binne twee werksdae na ontvangs deur Rentmeester van die volgende, indien dit vereis word:
  - doodsertifikaat of gewaarmerkte afskrif daarvan;
  - gewaarmerkte bewys van ouderdom;
  - gewaarmerkte afskrif van identiteitsdokument;
  - gewaarmerkte afskrif van u huweliksertifikaat;
  - sertifikaat wat bewys dat die afhanklike kind, wat tussen die ouderdom van 21 jaar en 25 jaar was, 'n voltydse student by 'n opvoedkundige instansie was. Die sertifikaat moet deur die hoof van die opvoedkundige instansie onderteken wees;
  - verklaring van 'n mediese praktisyn waarin die aard van die gestremdheid uiteengesit word indien die afhanklike kind, wat bo die ouderdom van 21 jaar was, geestelik of liggaamlik gestremd was.

**2. Algemene voorwaardes wat geld vir hierdie sterftevoordeelplan**

Die volgende algemene voorwaardes wat in die Santam polis vervat word geld ook vir hierdie sterftevoordeelplan : 1 - Termyn van kontrak, 2 - Betaling van premies, 4 - Beperkings en wysigings, 5 - Kansellasie, 13 - Nietigverklaring van die polis en 17 - Regsgebied. Waar die woord "ons" in bogemelde algemene voorwaardes voorkom, word dit vir die doeleindes van die sterftevoordeelplan as "Rentmeester" gelees.

### Woordomskrywings

***"u"*** - enige persoon wie se naam onder die opskrif "versekerde persone" in die bylae van hierdie afdeling genoem word. Indien die naam uitgebrei is met die woorde "en gesin", is die persoon se gade en kinders ook ingesluit.

***"kinders"***- natuurlike, wettig aangenome of stiefkinders onder die ouderdom van 21 jaar, asook kinders bo die ouderdom van 21 jaar wat geestelik of liggaamlik gestremd is en totaal en al van u afhanklik is en by u inwoon. Kinders wat van u afhanklik is en voltyds studeer, is tot die ouderdom van 25 jaar ingesluit. U getroude kinders is nie ingesluit nie.

# HOSPITAALVOORDEELPLAN

## Basiese dekking

**1. Hospitalisasievoordeel**

Vergoeding van die daaglikse voordeel vir hospitalisasie weens 'n versekerde voorval.

Ons sal die daaglikse voordeel betaal vir elke dag wat u teen 24:00 uur gehospitaliseer is tot 'n maksimum van 730 aaneenlopende dae. Indien u meer as een maal gehospitaliseer word weens dieselfde versekerde voorval, sal dit as een hospitalisasie beskou word tensy daar twaalf agtereenvolgende maande verloop tussen hospitalisasies.

**2. Herstelvoordeelbonus**

Vergoeding van 50% van die daaglikse voordeel terwyl u herstel na hospitalisasie wat onder basiese dekking 1 gedek is. Ons sal hierdie voordeel betaal vir elke dag wat u gehospitaliseer was, tot 'n maksimum van 30 dae.

## Uitsonderings

Die volgende is nie gedek nie:

hospitalisasie weens:

1. poging tot selfmoord of enige opsetlike besering; depressie; kranksinnigheid; neurose; stresverwante toestand; veneriese of seksueel oordraagbare siektes; aborsie of enige komplikasies of gevolg hiervan; MIV (Menslike Immuniteitsgebrekvirus) of enige verwante siekte, insluitend VIGS (Verworwe Immuniteitsgebreksindroom) of enige veranderings, afleidings of variasies daarvan;
2. resies, behalwe te voet of in 'n watervaartuig wat nie meganies aangedrewe is nie;
3. dwelmverslawing; alkoholisme;
4. roetine fisiese of ander ondersoeke van 'n uitsluitlik diagnostiese aard of waar daar geen objektiewe aanduidings van swakheid in gewone gesondheids- en laboratorium diagnostiese of X-straalondersoeke is nie, behalwe in die loop van 'n ongeskiktheid wat vasgestel is deur 'n vorige besoek of behandeling deur 'n dokter;
5. enige hernieude aanval van 'n fisieke of geestelike gebrek, swakheid of toestand waarvoor u behandeling of advies ontvang het of wat ontstaan het gedurende die twaalf maande voor die aanvang van hierdie dekking;
6. proefbuisbevrugting;
7. ondersoeke, operasies of behandeling van 'n uitsluitlik kosmetiese aard of vir vetsug;
8. 'n versekerde voorval wat plaasvind of ontstaan as gevolg daarvan dat u onder die invloed is van bedwelmende drank of verdowingsmiddels;
9. 'n versekerde voorval wat plaasvind of ontstaan uit die bestuur van 'n voertuig terwyl u bloedalkohol-konsentrasie meer is as die wetlike perk.

## Woordomskrywings

***"daaglikse voordeel"***- die bedrag wat teenoor u naam in die bylae vermeld word. Hierdie bedrag is afsonderlik op elke persoon van toepassing indien die gesinsdekking van toepassing is.

***"hospitalisasie"***- wanneer u 'n binne-pasiënt is in 'n erkende hospitaal volgens die wetgewing in die gebied waar u gehospitaliseer is.

***"u"***- enige persoon wie se naam onder die opskrif "versekerde persone" in die bylae van hierdie afdeling genoem word. Indien die naam uitgebrei is met "en gesin", is die persoon se gade en kinders ook ingesluit.

***"kinders"***- natuurlike, wettig aangenome of stiefkinders onder die ouderdom van 21 jaar, asook kinders bo die ouderdom van 21 jaar wat geestelik of liggaamlik gestremd is en geheel en al van u afhanklik is en by u inwoon. Kinders wat van u afhanklik is en voltyds studeer, is tot die ouderdom van 25 jaar ingesluit. U getroude kinders is nie ingesluit nie.

***"versekerde voorval"***- siekte; liggaamlike besering veroorsaak deur gewelddadige, toevallige, uitwendige en sigbare middele; kindergeboorte indien u (die persoon wat geboorte skenk) reeds twaalf agtereenvolgende maande gedek is onder hierdie afdeling en die premie vir hierdie tydperk betaal is.